

**DIE BELANG VAN DIE DEFINISIE 'GADE' VIR DOELEINDES VAN
BOEDELBEPLANNING**

Navorsingsverslag ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad
Magister Legum aan die Noordwes Universiteit
(Potchefstroom kampus)

deur

Cornelia Aletta Bekker
12762520

Studieleier: Mnr Henk Kloppers

November 2008

OPSOMMING

In die lig van onlangse wetgewing en regspraak het groot onsekerheid ontstaan oor die presiese omvang en betekenis van die begrip "gade" in die Suid-Afrikaanse reg. Is dit slegs persone wat in terme van die *Huwelikswet* getroud is, of sluit hierdie begrip ook persone in gewoonteregtelike- en godsdienstige huwelike, sowel as persone in selfde-geslag- en permanente saamwoonverhoudings in? Ten einde hierdie vraag te beantwoord, word daar in hierdie studie gekyk na watter persone as 'n "gade" kwalifiseer met die oog op boedelbeplanning.

Persone wat ingevolge die *Huwelikswet* of die *Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* wettiglik getroud is, asook diegene wat in terme van die *Civil Union Act* 'n burgerlike verbintenis ("civil union") of huwelik gesluit het, word almal as "gades" beskou en is geregtig op onderhoud na die dood van die eerssterwende gade (ingevolge die *Wet op die Onderhoud van Langslewende Gades*) en ook om intestaat van hul oorlede gade se boedel te erf indien hy of sy sonder 'n testament te sterwe kom (sien *Gory v Kolver* met betrekking tot persone in selfde-geslag verhoudings). Hulle kwalifiseer ook vir sekere belastingvrystellings, veral ten opsigte van boedel-, geskenke- en kapitaalwinsbelasting.

Daar bestaan egter onsekerheid of persone in permanente saamwoonverhoudings ook as "gades" beskou kan word en of hulle dan ook op die gevolge van die huwelik geregtig is, met ander woorde, of hulle ook intestaat van hul lewensmaats mag erf in terme van die *Wet op Intestate Erfopvolging* en ook of die langslewende geregtig is op onderhoud vanuit die bestorwe boedel van die oorlede lewensmaat. Belastingwetgewing sluit die persone in permanente saamwoonverhoudings in by die omskrywing van "gade" wat meebring dat diegene ook op sekere belastingvoordele geregtig is. Daar bestaan egter geen ander wetgewing op hierdie stadium wat

saamwoonverhoudings reguleer nie en gevolglik is persone in permanente saamwoonverhoudings nie geregtig om onderhoud in terme van die *Wet op die Onderhoud van Langslewende Gades* te eis nie en ook nie om intestaat van mekaar te erf nie. Die Suid-Afrikaanse reg verwag dus van persone wat regserkenning vir hul verhouding wil verseker, om proaktief op te tree deur 'n siviele huwelik, gewoonteregtelike huwelik of burgerlike verbintenis te voltrek, afhangende van die omstandighede. Indien die partye nie die nodige stappe neem om hul verhouding te formaliseer nie, sal hul verhouding as 'n blote saamwoonverhouding beskou word.

ABSTRACT

Recent legislation and case law lead to great uncertainty regarding the scope and meaning of the word "spouse" in terms of South African law. Is only people married in terms of the *Marriage Act* regarded as "spouses", or does it also include those married in terms of the *Recognition of Customary Marriages Act* and the *Civil Union Act*? Another question with regards hereto is what the position of people in a permanent cohabitation relationship (or domestic partnership) is? In order to answer the above questions, this study will determine which persons will qualify as a "spouse" for purposes of estate planning.

People married in terms of the *Marriage Act*, *Recognition of Customary Marriages Act* or *Civil Union Act* are all regarded as "spouses". They are entitled to maintenance after the death of the first dying (in terms of the *Maintenance of Surviving Spouses Act*) and to inherit from their spouse's estate in terms of the *Intestate Succession Act* should he or she die without leaving a valid will (see *Gory v Kolver* with regards to people in a same-sex relationship). These "spouses" also qualify for certain tax exemptions, especially in relation to estate duty, donations tax and capital gains tax.

There are however uncertainty with regards to the recognition of domestic partnerships and whether these partners can be regarded as "spouses"? Are they entitled to inherit from their partner in the absence of a valid will in terms of the *Intestate Succession Act* and are they able to claim maintenance in terms of the *Maintenance of Surviving Spouses Act*? Certain tax legislation does however include people in permanent life-relationships within the definition of "spouse". Accordingly, they are also able to claim tax benefits, which are available to married persons. There are however no legislation in force which regulates domestic partnerships. Therefore people in domestic partnerships are not entitled to claim maintenance or to inherit from their

partner's intestate estate. The South African law thus require people to act positively by entering into marriage in terms of the *Marriage Act*, *Recognition of Customary Marriages Act* or *Civil Union Act* or by concluding a civil union (in terms of the *Civil Union Act*) if they want legal recognition for their union.

INHOUDSOPGAWE

1	Inleiding en probleemstelling	1
2	Gemeenregtelike definisie van gade	5
3	Die omskrywing van gade in terme van die <i>Civil Union Act</i>	7
3.1	<i>Inleiding</i>	7
3.2	<i>Doelstellings van die wet</i>	8
3.3	<i>Regsgevolge</i>	10
3.4	<i>Kritiek teen die Civil Union Act</i>	11
4	Permanente saamwoonverhoudings	13
4.1	<i>Wat is 'n saamwoonverhouding?</i>	13
4.2	<i>Wanneer is 'n saamwoonverhouding permanent?</i>	16
4.3	<i>Persone van dieselfde geslag</i>	19
4.3.1	<i>Inleiding</i>	19
4.3.2	<i>Gory v Kolver</i>	20
4.3.2.1	<i>Feite</i>	20
4.3.2.2	<i>Beslissing van die hof a quo en die Konstitusionele Hof</i>	20
4.3.2.3	<i>Gevolgtrekking</i>	21
4.4	<i>Persone van die teenoorgestelde geslag</i>	21
4.4.1	<i>Statutêre erkenning van permanente teenoorgestelde-geslag lewensverhoudings</i>	21
4.4.2	<i>Volks v Robinson</i>	23
4.4.2.1	<i>Inleiding</i>	23
4.4.2.2	<i>Feite</i>	24
4.4.2.3	<i>Beslissing van die hof a quo</i>	25
4.4.2.4	<i>Beslissing van die Konstitusionele Hof</i>	25
4.4.2.5	<i>Meerderheidsuitspraak deur Regter Skweyiya</i>	26
4.4.2.6	<i>Meerderheidsuitspraak deur Regter Ngcobo</i>	26
4.4.2.7	<i>Minderheidsuitspraak deur Regters Mokgoro en O'Regan</i>	27

4.4.2.8	Minderheidspraak deur Regter Sachs	27
4.4.2.9	Gevolgtrekking	28
4.5	<i>Draft Domestic Partnership Bill</i>	29
4.6	<i>Samevatting</i>	35
5	Gewoonteregtelike huwelike	36
6	Godsdienstige huwelike	37
7	Die belang van die definisie 'gade' vir boedelbeplanning	39
7.1	<i>Intestate erfopvolging</i>	39
7.2	<i>Onderhoudsplig</i>	41
7.3	<i>Belastingimplikasies</i>	43
7.3.1	Inkomstebelastingwet	43
7.3.1.1	Inkomstebelasting	43
7.3.1.2	Geskenkebelasting	44
7.3.1.3	Kapitaalwinsbelasting	45
7.3.2	Boedelbelastingwet	46
7.3.3	Wet op Hereregte	47
7.3.4	<i>Samevatting</i>	48
8	Gevolgtrekking en slot	48
	Bibliografie	52

1 Inleiding en probleemstelling

[D]omestic partnerships are a significant part of the South African family life. To ignore them and to impose a particular religious view on their world is to undermine the dignity of difference and to render the guarantee of equality somewhat illusory insofar as a significant percentage of the population is concerned.¹

Groot onsekerheid heers reeds die afgelope paar jaar oor die presiese betekenis en omvang van die begrippe 'gade' en 'huwelik' binne die Suid-Afrikaanse reg, veral met verwysing na 'huwelike' tussen persone van dieselfde geslag en diegene in permanente saamwoonverhoudings.² Die definisie van hierdie twee begrippe is van wesenlike belang, nie net vir die familiereg nie, maar ook vir die belasting- en boedelreg, aangesien die meeste wetgewing wat op boedelbeplanning betrekking het, met 'gades' handel.³ Die verwarring wat heers word grootliks toegeskryf aan die feit dat die *Huwelikswet*⁴ geen definisie vir die begrippe 'huwelik' of 'gade' bevat nie. Om hierdie rede is die gemeenregtelike definisie van 'n huwelik deur Suid-Afrikaanse howe gebruik wat dit stel dat 'n huwelik 'n regserkende verhouding tussen een man en een vrou is met die uitsluiting van enige ander persone terwyl dit voortbestaan.⁵

In Suid-Afrika leef miljoene mense al vir dekades uit keuse of as gevolg van omstandighede buite hul beheer, in monogame huishoudelike lewensvennootskappe soortgelyk aan 'n huwelik.⁶ Die Konstitusionele Hof

1 *Robinson v Volks* 2004 2 All SA 61 (K) 71C-D; Steynberg L en Mokotong M "The common-law duty of support: developed and extended to include the surviving homosexual partner: *Du Plessis v Road Accident Fund* 2004 1 SA 359 (SCA)" 2005 *THRHR* 335.

2 Smith B "Recognising Same-sex Relationships" 2005 *De Rebus* 27.

3 Sien onder andere die *Boedelwet* 66 van 1965 (hierna die *Boedelwet*), *Boedelbelastingwet* 45 van 1955 (hierna die *Boedelbelastingwet*), *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* 27 van 1990 (hierna die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades*), *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984 (hierna die *Wet op Huweliksgoedere*) en die *Wet op Intestate Erfopvolging* 81 van 1987 (hierna die *Wet op Intestate Erfopvolging*).

4 *Huwelikswet* 25 van 1961 (hierna die *Huwelikswet*).

5 Smith BS en Grobler NJ "Gay rights (and obligations!): consequences and implications of *Fourie v Minister of Home Affairs*" 2005 *TSAR* 745; Robinson JA ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 3e uitg (Printing Things Potchefstroom 2008) 35; Smith 2005 *De Rebus* 25.

6 Jazbhay SA "Domestic Life Partnerships" 2005 *De Rebus* 27; Picarra L "Notes and comments: *Gory v Kolver* NO 2007 4 SA 97 (CC) 2007 *SAJHR* 566; Goldblatt B

het al in verskeie hofsake erken dat daar 'n verskeidenheid vorme van lewensvennootskappe bestaan, waarvan die huwelik maar net een so 'n vorm is, en dat regserkenning aan sulke verhoudings gegee moet word.⁷

Alhoewel die Suid-Afrikaanse *Grondwet*⁸ een van die mees liberale grondwette in die wêreld is,⁹ bevat dit geen bepaling wat die beskerming van families of die reg om in die huwelik te tree verskans nie.¹⁰ In die lig van die waardes van 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, vryheid en gelykheid is dit dus moontlik dat die tradisionele of gemeenregtelike definisie van 'n huwelik ongrondwetlik is deurdit dit, in terme van artikel 9(3) van die *Grondwet*, onbillik teen persone van dieselfde geslag diskrimineer op grond van hul seksuele oriëntasie en ook teen persone in 'n permanente saamwoonverhouding (ongegag hul geslag) op grond van huwelikstatus.¹¹ Artikel 39(2) van die *Grondwet* lê 'n plig op ons howe om die gees, strekking en oogmerke van die Handves van Regte te bevorder wanneer wetgewing geïnterpreteer of die gemenerereg ontwikkel word.

Die howe het al in verskeie gevalle erkenning aan die regte van homoseksuele persone verleen,¹² maar dit was eers in die uitspraak van

"Regulating Domestic Partnerships – a necessary step in the development of South African Family Law" 2003 SALJ 610.

7 Sien onder andere *Satchwell v President of the Republic of South Africa and Another* 2002 6 SA 1 (KH) 7; *Volks v Robinson* 2005 5 BCLR 446 (KH) 477-490; *Dawood v Minister of Home Affairs* 2000 3 SA 936 (KH) 959-960; Jazbhay 2005 *De Rebus* 27; Picarra 2007 *SAJHR* 566.

8 *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996. (Hierna die *Grondwet*.)

9 Wildenboer L "Marrying domestic partnerships and the Constitution: A discussion of *Volks NO v Robinson* 2005 5 BCLR 446 (CC) 2005 *SAPL* 466.

10 Schäfer ID (red) *Family Law Service* (Butterworths Durban 1987) par A1.

11 Sien die bespreking van onder andere *Volks v Robinson* 2005 5 BCLR 446 (KH), *Minister of Home Affairs and Others v Fourie and Another* 2006 1 SA 524 (KH) en *Gory v Kolver NO and Others* 2007 4 SA 97 (KH).

12 Sien Van Shalkwyk LN "Kommentaar op die 'Civil Union Act' 17 van 2006" 2007 *De Jure* 166-167 en Robinson JA "The evolution of the concept of marriage in South Africa: the influence of the Bill of Rights in 1994" 2005 *Obiter* 497-498. Hierdie hofsake sluit in *National Coalition for Gay and Lesbian Equality v Minister of Justice* 1999 1 SA 6 (KH) - erkenning om toelating van homoseksuele vennote tot statutêre mediese versekeringskemas; *Satchwell v President of the Republic of South Africa* 2002 6 SA 1 (KH) – erkenning van die reg van persone van dieselfde geslag in permanente gesinsvennootskappe op dieselfde voordele wat getroudes ingevolge wetgewing ontvang; *Du Toit v Minister of Welfare and Population Development* 2003 2 SA 198 (KH) – erkenning van die beginsel dat persone van dieselfde geslag in

*Minister of Home Affairs and Others v Fourie and Another*¹³ waar hul reg om 'n huwelik te sluit deur die Konstitusionele Hof erken is. In opdrag van die Konstitusionele Hof het die wetgewer voorsiening gemaak vir die sluit van huwelike deur persone van dieselfde geslag by wyse van die implementering van die *Civil Union Act*.¹⁴ Hierdie wet maak daarvoor voorsiening dat mense van dieselfde geslag hul verhouding as 'n huwelik of as 'n of burgerlike verbintenis¹⁵ kan registreer.¹⁶ Die *Civil Union Act* vervang nie die *Huwelikswet* nie, maar gee aan persone wat 'n burgerlike verbintenis sluit, dieselfde regte as diegene in 'n wettige gemeenregtelike huwelik.¹⁷

Die ondertekening van hierdie wet het Suid-Afrika die veertiende land in die wêreld en die eerste in Afrika gemaak om aan paartjies van dieselfde geslag gelyke regte en beskerming deur middel van wetgewing te verleen.¹⁸ Gevolglik bestaan daar tans twee hoofvorme van huwelike, naamlik siviele- en gewoonteregtelike (of gebruiklike) huwelike.¹⁹ Die *Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike*²⁰ maak voorsiening vir die voltrekking en regulering van gewoonteregtelike huwelike en kan monogaam of poligaam van aard wees.²¹ Siviele huwelike²² neem die vorm van monogame huwelike aan, met ander woorde, dit is huwelike wat tussen slegs twee persone, ongeag hul geslag, gesluit is. Hierdie huwelike

permanente gesinsvennootskappe kinders mag aanneem; *J v Director General: Department of Home Affairs* 2003 5 SA 621 (KH) – bevestiging van die reg dat 'n persoon in 'n permanente selfde-geslagvennootskap die wettige ouer ingevolge artikel 5(1)(a) van die *Wet op die Status van Kinders* 82 van 1987 van 'n kind van die ander vennoot wat deur kunsmatige inseminasie verwek is, is; *Du Plessis v Road Accident Fund* 2004 1 SA 359 (HHA) – erkenning van die eis van 'n gade vir verlies van 'n broodwinner aan vennote tot permanente selfde-geslag vennootskappe.

13 *Minister of Home Affairs and Others v Fourie and Another* 2006 1 SA 524 (KH).

14 *Civil Union Act* 17 van 2006 (hierna die *Civil Union Act*). Hierdie wet het op 30 November 2006 in werking getree en het tot op hede geen Afrikaanse naam nie.

15 Die sogenaamde "civil union" – sien par 3.2 vir die omskrywing hiervan. Van Schalkwyk 2007 *De Jure* 167; Robinson ea *Familiereg* 16.

16 A 2(a) van die *Civil Union Act*; Van Schalkwyk 2007 *De Jure* 167.

17 Haggard 2007 <http://www.businessday.co.za/Articles/TarkArticle.aspx?ID=2558989>

18 Haggard 2007 <http://www.businessday.co.za/Articles/TarkArticle.aspx?ID=2558989>

19 Robinson ea *Familiereg* 18.

20 *Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998.

21 Sien par 5.

22 "Die siviele huwelik is 'n vrywillige verbintenis tussen twee natuurlike persone wat bevoeg is om te trou (en om met mekaar te trou) wat regserkenning geniet en volgens die *Wet op Huwelike* of die *Civil Union Act* voltrek is, tot uitsluiting van alle ander persone terwyl dit voortbestaan" - Robinson ea *Familiereg* 21.

word deur twee wette geregleer, naamlik die *Huwelikswet* wat die gemeenregtelike huwelik tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag reguleer, en die *Civil Union Act* wat hoofsaaklik voorsiening maak vir persone van dieselfde geslag om in die huwelik te tree.²³

'n Probleem ontstaan egter rakende die posisie van 'n lewensmaat waar die lewensmaats al 'n geruime tyd in 'n permanente lewensverhouding betrokke is sonder om 'n burgerlike verbintenis te geregistreer of 'n huwelik te sluit. Die vraag wat ontstaan is of die langsewende 'gade' geregtig sal wees om intestaat van die eerssterwende 'gade' te erf.²⁴ Ander vrae wat ook uit hierdie situasie kan voortvloei handel met die verdeling van die eiendom indien so 'n verhouding tot niet gaan, asook die bestaan van 'n wedersydse onderhoudsplig tussen die gades al dan nie. Die vraag onderliggend aan al die bogenoemde is of 'n persoon in 'n permanente saamwoonverhouding as 'n 'gade' beskou kan word of nie?²⁵ Daar heers verder ook onsekerheid oor presies wanneer 'n saamwoonverhouding as *permanent* van aard beskou kan word.

In hierdie studie sal gekyk word na die implikasie van die begrippe 'gade' en 'huwelik' vir boedelbeplanning, en onderliggend aan hierdie vraag sal daar ook ondersoek ingestel word na watter persone in terme van die Suid-Afrikaanse reg as 'gades' kwalifiseer. Daar sal antwoorde op bogenoemde vrae gegee word deur onder andere na regspraak en wetgewing te kyk ten einde die posisie van intestate erfopvolging en onderhoud van die langsewende gade in die lig van die nuwe definisie van 'gade' te bepaal. Verder sal die betrokke wetgewing wat op boedelbeplanning van toepassing is geanaliseer word in die lig van die definisie van 'gade'. Ten

23 Robinson ea *Familiereg* 18.

24 In die saak *Gory v Kolver NO and Others (Starke and Others Intervening)* 2007 4 SA 97 (KH) het die Konstitusionele Hof a 1(1) van die *Wet op Intestate Erfopvolging* 81 van 1987 ongrondwetlik verklaar en het verder beslis dat selfde-geslag-vennote intestaat van mekaar kan erf. Hierdie posisie word verder in par 4.3 in diepte bespreek.

25 Die belang van die antwoord op hierdie vraag sal later uit hierdie studie te voorskyn kom.

einde vas te stel wie as 'n 'gade' in terme van die Suid-Afrikaanse reg beskou kan word, sal daar vervolgens na die volgende gekyk word:

- i) Die gemeenregtelike definisie van gade
- ii) Die omskrywing van gade in terme van die *Civil Union Act*
- iii) Permanente saamwoonverhoudings
- iv) Gewoonregtelike huwelike
- v) Godsdienstige huwelike
- vi) Belastingwetgewing

2 Gemeenregtelike definisie van gade

Ten einde vas te stel wat die belang van die definisie 'gade' vir boedelbeplanning is, is dit noodsaaklik om te kyk wie as 'n gade in die Suid-Afrikaanse reg beskou kan word. Die *Huwelikswet* bevat geen definisie van die begrippe 'gade' en 'huwelik' nie en gevolglik moet daar met die gemeenregtelike definisie van 'n huwelik volstaan word.²⁶ 'n Wettige huwelik bestaan waar 'n man en 'n vrou²⁷ met regsbevoegdheid en wat bevoeg is om in die huwelik te tree en bevoeg is om met mekaar in die huwelik te tree, aan die voorgeskrewe huwelikseremonie deelneem nadat hulle wilsooreenstemming bereik het om met mekaar te trou.²⁸ Barnard, Cronje en Olivier²⁹ definieer 'n huwelik as "...die regtens erkende langselewende vrywillige verbintenis tussen een man en een vrou tot die

26 De Wet MMP Gevolge van die konsep *Huwelikswysigingswet vir saamwoonverhoudings* (LLM-Skripsie NWU 2007) 1 (hierna De Wet *Saamwoonverhoudings*); Smith BS en Robinson JA "The South African Civil Union Act 17 van 2006: A Good Example of the Dangers of Rushing the Legislative Process" 2007 *BYU Journal of Public Law* 421.

27 *Seedats Executors v The Master (Natal)* 1917 AD 302 309; De Wet *Saamwoonverhoudings* 1; Williams K "I do' or 'we won't" legalising same-sex marriage in South Africa" 2004 *SAJHR* 32.

28 De Wet *Saamwoonverhoudings* 1; Smith en Grobler 2005 *TSAR* 745; Schäfer (red) *Family Law Service* par A3, A4; Jones 2007 <http://www.moneywebtax.co.za/moneywebtax/view/moneywebtax/en/page258?oid=404&sn=Detail>. Hierdie gemeenregtelike definisie is deur die Konstitusionele Hof in *Minister of Home Affairs v Fourie* 2006 1 SA 524 (KH) ongrondwetlik verklaar. Sien die bespreking in paragraaf 2.

29 Barnard AH, Cronje DSP en Olivier PJJ *Die Suid-Afrikaanse Persone- en Familiereg* (Butterworths Durban 1986) 153.

uitsluiting van alle ander persone". In *Ismail v Ismail*³⁰ het die Appèlhof die huwelik soos volg gedefinieer: "the legally recognised voluntary union for life of one man and one woman to the exclusion of all others while it lasts".³¹ Artikel 30(1) van die *Huwelikswet* 25 van 1961 wat die huweliksformulier bevat, verwys ook slegs na 'n *man* en 'n *vrou*.³² Dit blyk dus duidelik dat die gemeenregtelike definisie asook die *Huwelikswet* nie vir 'huwelike' tussen persone van dieselfde geslag voorsiening maak nie, wat op onbillike diskriminasie op grond van seksuele oriëntasie neerkom en wat gevolglik strydig met artikel 9 van die *Grondwet* is.³³

Hierdie tradisionele beskouing van die huwelik het 'n metamorfose ondergaan toe die Hoogste Hof van Appèl³⁴ en die Konstitusionele Hof³⁵ die gemeenregtelike definisie van die huwelik ongrondwetlik verklaar het.³⁶ Die *Fourie*-saak kan as die waterskeidingsaak in die erkenning van die regte van homoseksuele persone beskou word, asook in die ontwikkeling

30 *Ismail v Ismail* 1983 1 SA 1006 (A).

31 *Ismail v Ismail* 1983 1 SA 1006 (A) 1019H; Robinson ea *Familiereg* 35; Sinclair JD *The Law of Marriage* vol 1 (Juta Kenwyn 1996) 305; De Wet *Saamwoonverhoudings* 1; Smith 2005 *De Rebus* 25; Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 421; Mamashela M en Carnelley M "Cohabitation and the same-sex marriage: a complex jigsaw puzzle" 2006 *Obiter* 379.

32 De Wet *Saamwoonverhoudings* 1; Mamashela en Carnelley 2006 *Obiter* 379. Artikel 30(1) lees soos volg:

By die voltrekking van 'n huwelik kan 'n huweliksbevestiger wat kragtens artikel 3 benoem is, die huweliksformulier volg wat gewoonlik deur sy godsdienstige denominasie of organisasie nagekom word indien daardie huweliksformulier deur die Minister goedgekeur is, maar indien bedoelde huweliksformulier nie deur die Minister goedgekeur is nie, of in die geval van 'n ander huweliksbevestiger, moet die betrokke huweliksbevestiger aan elkeen van die partye die volgende vrae afsonderlik stel, waarop elkeen van hulle bevestigend moet antwoord:

"Verklaar jy, A.B., dat sover jy weet daar regtens geen beletsel is nie teen jou voorgenome huwelik met C.D. hier teenwoordig, en dat jy almal hier teenwoordig roep om getuie te wees dat jy C.D. tot jou wettige vrou (of man) neem?",

en daarop moet die partye mekaar die regterhand gee, en die betrokke huweliksbevestiger moet die huwelik met die volgende woorde as voltrek verklaar:

"Ek verklaar dat A.B. en C.D. hier teenwoordig regtens getroud is."

33 Smith en Grober 2005 *TSAR* 746.

34 *Fourie and Another v Minister of Home Affairs and Others* 2005 3 SA 429 (HHA).

35 *Minister of Home Affairs v Fourie (Doctors for Life International and Others, Amici Curiae); Lesbian and Gay Equality Project and Others v Minister of Home Affairs* 2006 1 SA 524 (KH) (hierna die *Fourie*-saak).

36 Smith 2005 *De Rebus* 25; De Wet *Saamwoonverhoudings* 1; De Vos P en Barnard J "Same-sex marriage, civil unions and domestic partnerships in South Africa: critical reflections on an ongoing saga" 2007 *SALJ* 795.

van die Suid-Afrikaanse familiereg in die algemeen.³⁷ Die hof het beslis dat die gemeenregtelike definisie van die huwelik, asook artikel 30(1) van die *Huwelikswet*, tesame met die gebrek aan enige regulering van selfde-geslag verhoudings, in die lig van die waardes van 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, vryheid en gelykheid, neerkom op diskriminasie teen homoseksuele persone, spesifiek in terme van artikel 9 van die *Grondwet* (die gelykheidsklousule).³⁸ Ingevolge hierdie artikel is elke persoon geregtig op gelykheid voor die reg en gelyke beskerming deur die reg.³⁹ Die Hof het beslis dat die gemenerereg in ooreenstemming met die gees, strekking en oogmerke van die Handves van Regte ontwikkel moet word.⁴⁰ Gevolglik was die uitsluiting van homoseksuele persone van die huwelik in konflik met die *Grondwet* wat die ontwikkeling van die gemenerereg genoodsaak het. As gevolg van hierdie ontwikkeling is die onveranderlike gevolge van huweliksluiting na die inwerkingtreding van die *Civil Union Act* 17 van 2006 ook nou op huwelike tussen persone van dieselfde geslag van toepassing.⁴¹

3 Die omskrywing van 'gade' in terme van die *Civil Union Act*

3.1 Inleiding

Ten einde vas te stel wat die belang van die definisie van 'gade' is, gaan daar vervolgens na die bepalings en doelstellings van die *Civil Union Act* gekyk word. Die rede hiervoor is om te bepaal wie as 'n 'gade' in terme van hierdie wet kwalifiseer sodat die invloed daarvan op boedelbeplanning vasgestel kan word.

37 Smith 2005 *De Rebus* 25.

38 *Minister of Home Affairs v Fourie* 2006 1 SA 524 (KH) 569; Robinson ea *Familiereg* 38; Smith en Grober 2005 *TSAR* 746; Smith 2005 *De Rebus* 25; Mamashela en Carnelley 2006 *Obiter* 380; Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 424.

39 A 9(1); Smith en Grober 2005 *TSAR* 746.

40 *Minister of Home Affairs v Fourie* 2006 1 SA 524 (KH) 532; Smith 2005 *De Rebus* 25; Mamashela en Carnelley 2006 *Obiter* 380.

41 Sien par 4.3.

In die *Fourie*-saak het die Konstitusionele Hof artikel 30(1) van die *Huwelikswet* ongrondwetlik verklaar en is die wetgewer twaalf maande tyd gegee om die woorde 'of gade' by te voeg ná die woorde 'man' en 'vrou'.⁴² Die Hof het verder beslis dat, indien die wetgewer sou versuim om binne hierdie tydperk die nodige wysigings aan te bring of om nuwe wetgewing in die lewe te roep, die woorde 'of gade' outomaties ingelees sou word ná die woorde 'man' en 'vrou' in artikel 30(1) van die *Huwelikswet*.⁴³ Die wetgewer het aan die opdrag gehoor gegee en het egter 'n stap verder gegaan deur nie die *Huwelikswet* te wysig nie, maar deur nuwe wetgewing in werking te stel wat vir huwelike of verbintenisse van persone van dieselfde geslag voorsiening maak, naamlik die *Civil Union Act*. Die *Civil Union Act* het nie die *Huwelikswet* herroep nie en laasgenoemde wet is steeds tot die beskikking van persone van die teenoorgestelde geslag wat 'n huwelik wil voltrek.⁴⁴ Gevolglik bestaan hierdie twee wette op 'n gelyke voet langs mekaar.

3.2 Doelstellings van die wet

Die wetgewer het die *Civil Union Act* uitgevaardig ten einde die probleme wat die Konstitusionele Hof in die *Fourie*-saak uitgelig het, aan te spreek en om vir selfde-geslag-huwelike voorsiening te maak.⁴⁵ Die doelstellings word in artikel 2 van die wet uiteengesit en behels dat die wet voorsiening maak vir die voltrekking en registrasie van burgerlike verbintenisse, terwyl dit ook die regsgevolge van burgerlike verbintenisse reël.⁴⁶ Ingevolge artikel 3 is die Wet van toepassing op burgerlike verbindingvennote⁴⁷ wat 'n burgerlike

42 Morata S "Same sex relationships: Most neglected market?" 2006 *Insurance and Tax* 6; Robinson ea *Familiereg* 38; Mamashela en Carnelley 2006 *Obiter* 381; Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 424; De Wet *Saamwoonverhoudings* 2.

43 *Minister of Home Affairs v Fourie* 2006 1 SA 524 (KH) 568H; Mamashela en Carnelley 2006 *Obiter* 382; Picarra *SAJHR* 564; Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 424; De Wet *Saamwoonverhoudings* 2, 25.

44 Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 427.

45 Van Schalkwyk 2007 *De Jure* 167.

46 A 2(a) en 2(b) van die *Civil Union Act* onderskeidelik. West A "The applicability of the Civil Union Act 17 of 2006" 2007 *SADJ* 29; Van Schalkwyk 2007 *De Jure* 167.

47 Ingevolge a 1 van die *Civil Union Act* is 'n burgerlike verbindingvennoot of "civil union partner" 'n "spouse in a marriage or a partner in a civil partnership, as the case may be, concluded in terms of this Act"; Van Schalkwyk 2007 *De Jure* 167.

verbintenis gesluit het. Artikel 1 van die *Civil Union Act* omskryf 'n "civil union" of burgerlike verbintenis as:

... the voluntary union of two persons who are both 18 years of age or older, which is solemnised and registered by way of either a marriage or a civil partnership, in accordance with the procedures prescribed in this Act, to the exclusion, while it lasts, of all others.⁴⁸

Uit die woordskrywing van 'n burgerlike verbintenis kan die afleiding gemaak word dat dit twee instellings insluit, naamlik 'n huwelik en 'n burgerlike vennootskap, waarvan albei dieselfde status en gevolge het.⁴⁹ Die partye moet ook die huweliksbevestiging inlig of hul burgerlike verbintenis as 'n huwelik of 'n burgerlike vennootskap bekend moet staan.⁵⁰ In die omskrywing word slegs van twee persone gepraat, terwyl geen geslag vermeld word nie. Gevolglik kan die afleiding dat die omskrywing vir beide teenoorgestelde- en selfde-geslag burgerlike verbintenisse voorsiening maak, geregverdig word.⁵¹ Ingevolge artikel 8(1) is 'n burgerlike verbintenis monogaam, wat beteken dat 'n persoon slegs 'n gade of vennoot in een huwelik of burgerlike vennootskap op enige gegewe tydperk mag wees.⁵² Twee persone, ongeag hul geslag, kan 'n burgerlike vennootskap in terme van die *Civil Union Act* sluit indien hulle nie met mekaar in die huwelik wil tree nie, maar wel hul verhouding wil formaliseer en regs erkenning wil verseker.⁵³

48 Vrylik vertaal is 'n burgerlike verbintenis "'n vrywillige verbintenis tussen twee persone wat beide ten minste 18 jaar oud is, wat volgens die prosedures van hierdie wet as 'n huwelik of as 'n burgerlike vennootskap voltrek en geregistreer is, tot uitsluiting van alle ander terwyl dit voortbestaan" - Robynson ea *Familiereg* 39.

49 Van Schalkwyk 2007 *De Jure* 168; Robynson ea *Familiereg* 19, 40; Smith en Robynson 2007 *BYU Journal of Public Law* 426; West 2007 *SADJ* 30.

50 A 11(1) van die *Civil Union Act*; Van Schalkwyk 2007 *De Jure* 170.

51 Van Schalkwyk 2007 *De Jure* 168; Robynson ea *Familiereg* 19.

52 Van Schalkwyk 2007 *De Jure* 168, 172. In terme van a 8(2) en (3) van die *Civil Union Act* mag 'n persoon in 'n burgerlike verbintenis nie ook 'n huwelik ingevolge die *Huwelikswet* of die *Wet op die Erkennung van Gebruiklike Huwelike* 120 van 1998 sluit nie en omgekeerd.

53 Robynson ea *Familiereg* 20. Wanneer paartjies byvoorbeeld weens geloofs- of ander oortuigings besluit om nie met mekaar te trou nie, maar dat hul verhouding wel regsbeskerming moet geniet, kan hulle 'n burgerlike vennootskap sluit.

3.3 Regsgevolge

In terme van artikel 13(1) is die onveranderlike gevolge van huweliksluiting wat op gemeenregtelike huwelike in terme van die *Huwelikswet* van toepassing is, ook op huwelike of verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag (oftewel *civil unions*) van toepassing.⁵⁴ Indien die partye sou verkies om nie 'n huweliksvoorwaardekontrak te sluit en dit in die akteskantoor te registreer nie, sal hul 'huwelik' of verbintenis een binne gemeenskap van goedere wees en sal die bepalinge van die *Wet op Huweliksgoedere mutatis mutandis* van toepassing wees.⁵⁵ Verdere onveranderde gevolge sluit die volgende in:

- a) die partye mag nie met enige ander persoon 'n burgerlike verbintenis sluit terwyl die huwelik of verbintenis bestaan nie;
- b) die partye sal geregtig wees om intestaat van mekaar se intestate boedels te erf. Voor die uitspraak in die *Gory-saak*⁵⁶ was die posisie dat daar geen reg op intestate erfopvolging tussen persone van dieselfde geslag geheers het nie, ongeag die tydperk wat die partye saam gewoon het en is 'n selfde-geslag vennoot nie outomaties as 'n erfgenaam of afhanklike beskou nie;⁵⁷
- c) 'n persoon wat voor huweliksluiting minderjarig was, verkry die status van meerderjarigheid;⁵⁸
- d) by 'n huwelik binne gemeenskap van goedere kan die partye se handelingsbevoegdheid ingeperk word deurdat die toestemming van die ander lewensmaat by sekere transaksies benodig word;⁵⁹

54 A 13 van die *Civil Union Act*; Robinson ea *Familiereg* 19; Van Schalkwyk 2007 *De Jure* 173; Morata 2006 *Insurance and Tax* 6; Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 426.

55 West 2007 *SADJ* 30.

56 *Gory v Kolver NO and Others (Starke and Others Intervening)* 2007 4 SA 97 (KH).

57 Morata 2006 *Insurance and Tax* 7. In terme van artikel 1(1) van die *Wet op Intestate Erfopvolging* 81 van 1987 vererf die boedel eerstens op die gade of afhanklikes, of beide as daar geen testament is nie, en daarna op die meer verwyderde familieledede.

58 Hierdie gevolg sal geen invloed hê in die lig van die *Civil Union Act* nie aangesien geen persoon onder 18 jaar 'n burgerlike verbintenis mag sluit nie en dat meerderjarigheid op die ouderdom van 18 intree.

59 Morata 2006 *Insurance and Tax* 7. In sekere transaksies, bv die koop van onroerende goed sal die toestemming van beide partye vereis word.

- e) 'n wedersydse onderhoudspelig ontstaan tussen die partye en die langselewende sal geregtig wees om by die dood van die eerssterwende onderhoud van die bestorwe boedel te eis;⁶⁰ en
- f) een party is geregtig om die van van die ander party aan te neem.⁶¹

Partye van dieselfde geslag wat binne gemeenskap van goedere met mekaar trou, sal gevolglik ook onderworpe wees aan artikel 14 van die *Wet op Huweliksgoedere*.⁶² Verder sluit enige verwysing na 'n 'huwelik' in enige wetgewing of gemenerereg ook 'n burgerlike verbintenis in, terwyl enige verwysing na 'man', 'vrou' of 'gade' ook 'n burgerlike verbindingsvennoot insluit.⁶³

3.4 Kritiek teen die Civil Union Act

Alhoewel dit duidelik uit die bewoording van die *Civil Union Act* blyk dat die betrokke wet vir die voltrekking van 'n burgerlike verbintenis tussen persone van dieselfde geslag voorsiening maak, is dit egter onduidelik of die Wet dit ook vir persone van die teenoorgestelde geslag moontlik maak om dieselfde te doen.⁶⁴ Persone van die teenoorgestelde geslag word nie uitdruklik deur die definisies van "civil union" en "civil union partner" uitgesluit nie, maar nie enige van die ander bepalings in die Wet bevat enige verwysing na persone van die teenoorgestelde geslag nie.⁶⁵ Die aanhef van die Wet verwys slegs na die noodsaaklikheid om

60 Morata 2006 *Insurance and Tax* 7; Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 435. In die saak van *Langemaat v Minister of Safety and Security and Others* 1998 2 All SA 259 (T) het die hof die bestaan van die onderhoudspelig in die lig van 'n selfde-geslag-verhouding wat vir 'n lang tydperk bestaan het, erken.

61 Morata 2006 *Insurance and Tax* 7. Normaalweg neem die vrou haar man se van aan, maar in die geval van 'n selfde-geslag-verhouding sal die vraag ontstaan wie se van aangeneem word.

62 Smith en Grober 2005 *TSAR* 755. A 14 van die *Wet op Huweliksgoedere* 88 van 1984 bepaal die volgende:

Behoudens die bepalings van hierdie Hoofstuk het 'n vrou in 'n huwelik in gemeenskap van goed dieselfde bevoegdhede met betrekking tot die beskikking oor die bates van die gemeenskaplike boedel, die aangaan van skulde wat van die gemeenskaplike boedel verhaalbaar is, en die bestuur van die gemeenskaplike boedel, as dié wat 'n man in so 'n huwelik onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet gehad het.

63 A 13(2)(a) en (b) van die *Civil Union Act*; Van Schalkwyk 2007 *De Jure* 173.

64 Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 427.

65 Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 428-429.

regsbeskerming aan selfde-geslag persone te bied, sonder enige verwysing na persone van die teenoorgestelde geslag.⁶⁶ Artikel 8(6) van die *Civil Union Act* stel dat:

[a] civil union may only be registered by prospective civil union partners who would, *apart from the fact that they are of the same sex*, not be prohibited by law from concluding a marriage under the Marriage Act or Customary Marriages Act.

Hierdie artikel skep die indruk dat die Wet slegs vir persone van dieselfde geslag voorsiening maak om 'n burgerlike verbintenis te voltrek. Smith en Robinson⁶⁷ is van mening dat indien dit die bedoeling van die wetgewer was om ook vir teenoorgestelde-geslag persone voorsiening te maak, bogenoemde artikel moontlik soos volg moes gelees het: “*apart from the fact that they may be of the same sex.*” Daar word gevolglik met Smith en Robinson saamgestem waar hulle van mening is dat die wetgewer nie sy “duty to pass legislation that is reasonably clear and precise, enabling citizens to understand what is expected of them” nagekom het nie.⁶⁸

Ten spyte van wetgewing wat dit nou vir *alle* mense moontlik maak om in die huwelik te tree of andersins 'n burgerlike verbintenis te sluit, is daar nogtans diegene wat die keuse uitoefen om nie hul verhouding te formaliseer nie en eerder besluit om permanent saam te woon. Daar sal vervolgens na die regsgevolge en ander implikasies van permanente saamwoonverhoudings gekyk word.

66 Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 428. Die volgende gedeelte van die aanhef van die *Civil Union Act* het hierop betrekking:

[T]he family law dispensation as it existed after the commencement of the Constitution did not provide for same-sex couples to enjoy the status and the benefits coupled with the responsibility that marriage accords to opposite sex couples.

67 Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 428.

68 Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 429.

4 Permanente saamwoonverhoudings

4.1 Wat is 'n saamwoonverhouding?

'n Saamwoonverhouding bestaan waar twee persone, ongeag hul geslag, as lewensmaats⁶⁹ saamwoon sonder om 'n huwelik of 'n burgerlike vennootskap te sluit.⁷⁰ Robinson ea⁷¹ verwys na hierdie verhoudings as 'n "huishoudelike vennootskap". Waar persone as lewensmaats saamwoon sonder om hul verhouding in terme van die *Huwelikswet*, die *Civil Union Act* of die *Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* te formaliseer, sal hul verhouding slegs as 'n saamwoonverhouding beskou word sonder enige regserkenning en sal die regsgevolge van 'n huwelik nie op hul verhouding van toepassing wees nie.⁷² Daar bestaan tans geen wetgewing wat saamwoonverhoudings reguleer nie.⁷³ Saamwoonverhoudings het egter sekere regsimplikasies en sommige wetgewing is al gewysig ten einde 'n lewensmaat in 'n saamwoonverhouding onder die definisie van 'gade' te bring.⁷⁴ So maak die *Insolvensiewet* daarvoor voorsiening dat, indien een van die lewensmaats insolvent sou word, die afsonderlike boedels van beide die insolvente sowel as die solvente lewensmaat in die kurator vestig tensy die solvente lewensmaat sy of haar titel op die

69 Lewensmaats sluit vir doeleindes van hierdie studie ook lewensvennote, lewensmetgesle en huishoudelike vennote in.

70 Robinson ea *Familiereg* 40; Schäfer (red) *Family Law Service* par A6, N1; De Wet *Saamwoonverhoudings* 3; Goldblatt 2003 SALJ 611.

71 Robinson ea *Familiereg* 40. Saamwoonverhoudings staan ook bekend as 'n lewensverhouding, lewensvennootskap, huishoudelike vennootskap, konkubinaat, *de facto* huwelik, "common law marriage" of "domestic partnership". Schäfer (red) *Family Law Service* par N2; Cooke A "Choice, Heterosexual life partnerships, Death and Poverty" 2005 SALJ 542; De Wet *Saamwoonverhoudings* 3.

72 Robinson ea *Familiereg* 20, 41; Mamashela en Carnelley 2006 *Obiter* 388; Heaton J "An overview of the current legal position regarding heterosexual life partnerships" 2005 *THRHR* 662; Dudley 2008 www.moneywebtax.co.za/moneywebtax/view/moneywebtax/en/page450?oid=25028&sn.

73 Schäfer (red) *Family Law Service* par N4; Beneke C, Davis DM en Jooste RD *Estate Planning* (Butterworths Durban 1998) par 2.24.

74 Schäfer (red) *Family Law Service* par N4. Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* 2.24. Hierdie wetgewing sluit die *Boedelbelastingwet* (sien vn 3), die *Inkomstebelastingwet* 58 van 1962 (hierna die *Inkomstebelastingwet*), *Insolvensiewet* 24 van 1936 (hierna die *Insolvensiewet*), die *Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -Siektes* 130 van 1993 (hierna die *Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -Siektes*) en die *Wet op Gesinsgeweld* 116 van 1998 (hierna die *Wet op Gesinsgeweld*) in.

eiendom kan bewys deur bewyse te verskaf dat die eiendom regmatig bekom is en nie met die doel om enige skuldeisers te benadeel nie.⁷⁵

Saamwoonverhoudings verskil van tradisionele huwelike in die wyse waarop dit ontstaan asook die gevolge wat daaruit voortvloei.⁷⁶ Saamwoonverhoudings ontstaan by wyse van 'n uitdruklike of stilswyende ooreenkoms, terwyl huwelike formalisties by wyse van 'n seremonie en huweliksformulier voltrek moet word.⁷⁷ Persone in 'n saamwoonverhouding kan ter enige tyd en sonder enige rede hul verhouding beëindig, terwyl formele prosedures by die beëindiging van 'n huwelik gevolg moet word. Die gevolge wat uit saamwoonverhoudings voortvloei verskil van die gevolge van huweliksluiting in die wyses wat vervolgens bespreek word.⁷⁸

Partye in 'n saamwoonverhouding word nie deur die reg verplig om mekaar gedurende die bestaan van die verhouding wedersyds te onderhou nie, tensy 'n kontraktuele ooreenkoms aangegaan is om die onderhoudsplig te reguleer, en gevolglik kan daar ook nie vir onderhoud geëis word by die beëindiging van die verhouding nie.⁷⁹ Waar een van die partye tot 'n saamwoonverhouding op 'n onregmatige en skuldige wyse deur 'n derde party gedood word, het die ander party nie 'n reg om vergoeding vir die verlies van onderhoud te eis nie, selfs al het hulle onderneem om mekaar te onderhou.⁸⁰ Persone in 'n saamwoonverhouding behou hul afsonderlike boedels (tensy hulle anders in 'n kontrak beding het) en daar bestaan geen gemeenskap van goedere en van wins en verlies nie. Eiendom wat deur een van die lewensmaats tydens die bestaan van die verhouding

75 A 21(1) en 21(2) van die *Insolvensiewet*; Schäfer (red) *Family Law Service* par N7, N11. Die solvente lewensmaat sal moet bewys dat die eiendom voor die aanvang van die saamwoonverhouding verkry is of dat dit met sy of haar eie geld aangekoop is.

76 Schäfer (red) *Family Law Service* par A6.

77 Schäfer (red) *Family Law Service* par A6.

78 Schäfer (red) *Family Law Service* par A6.

79 Robinson ea *Familiereg* 42; Schäfer (red) *Family Law Service* par A6, N9; Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 422, 435; Heaton 2005 *THRHR* 664; Steynberg en Mokotong 2005 *THRHR* 331; Mamashela en Carnelley 2006 *Obiter* 386.

80 Robinson ea *Familiereg* 44; Schäfer (red) *Family Law Service* par A6; Mamashela en Carnelley 2006 *Obiter* 387.

aangekoop is, bly die eiendom van die aankoper.⁸¹ Indien die partye die eiendom gesamentlik aangekoop het, het elkeen 'n reg in die eiendom self na die beëindiging van die verhouding en kan een van die partye nie van die beheer en gebruik van die eiendom uitgesluit word nie.⁸² Gevolglik word die finansiële gevolge van hul verhouding nie deur die reg gereël nie.⁸³

Lewensmaats mag hul regte en verpligtinge teenoor mekaar by wyse van 'n saamwoon-kontrak reguleer vir sover die bepalinge daarin vervat nie onmoontlik, onwettig, immoreel of *contra bonos mores* is nie.⁸⁴ Waar die lewensmaats 'n universele vennootskap gevorm het, is hulle gesamentlike mede-eienaars van die eiendom in onverdeelde, maar nie noodwendig in gelyke, aandele nie.⁸⁵

Persone in 'n saamwoonverhouding kan slegs by wyse van 'n testamentêre bemaking van mekaar erf en kan nie intestaat van mekaar erf nie.⁸⁶ 'n Lewensmaat in 'n saamwoonverhouding kan as 'n genomineerde begunstigde of as 'n afhanklike van die oorledene 'n polisvoordeel ontvang. Vir doeleindes hiervan sluit afhanklikes beide *de iure* en *de facto* afhanklikes in en sal die lewensmaat as die feitelike afhanklike kwalifiseer.⁸⁷ Die *Wysigingswet op Belastingwette*⁸⁸ het die definisie van 'gade' in 'n aantal belastingwette uitgebrei en gevolglik kan 'n lewensmaat in 'n permanente saamwoonverhouding nou ook kwalifiseer vir die vrystelling in terme van artikel 4(q) van die *Boedelbelastingwet*, asook vir

81 Schäfer (red) *Family Law Service* par N6.

82 Schäfer (red) *Family Law Service* par N7, N11.

83 Robinson ea *Familiereg* 44.

84 Heaton 2005 *THRHR* 666.

85 Heaton 2005 *THRHR* 665-666. In die geval van 'n universele vennootskap moet die lewensmaats aan die volgende vereistes voldoen: i) elke party moet iets in die vennootskap inbring of onderneem om iets in te bring; ii) albei partye moet deur die vennootskap bevoordeel word; iii) die doel van die vennootskap moet wees om wins te maak; en iv) die vennootskapskontrak moet geldig en afdwingbaar wees.

86 Robinson ea *Familiereg* 44; Schäfer (red) *Family Law Service* par A6, N13, N14; Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 422; Mamashela en Carnelley 2006 *Obiter* 386; Wood-Bodley MC "Intestate Succession and Gay and Lesbian Couples" 2008 *SALJ* 52.

87 Schäfer (red) *Family Law Service* par N16; Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* par 2.24.

88 *Wysigingswet op Belastingwette* 5 van 2001 (hierna die *Wysigingswet op Belastingwette*).

die geskenkebelastingvrystelling vir enige skenkings wat tussen die partye tydens die bestaan van hul saamwoonverhouding aan mekaar gemaak is.⁸⁹ Hierdie bepalings is in lyn met die *Grondwet* deurdat daar nie onbillik teenoor persone in saamwoonverhoudings gediskrimineer word nie.⁹⁰ Dit wil dus voorkom asof daar wel in sekere omstandighede erkenning aan hierdie verhoudings verleen word.

4.2 Wanneer is 'n saamwoonverhouding permanent?

Dit is belangrik om vas te stel wanneer 'n saamwoonverhouding as 'permanent' beskou word, aangesien sekere regte en regsgevolge aan 'n *permanente saamwoonverhouding* gekoppel word, veral in die lig van die *Inkomstebelastingwet* en die *Boedelbelastingwet*.⁹¹ Permanensie is 'n relatiewe en subjektiewe begrip wat aanleiding gee tot onsekerheid wanneer vasgestel moet word of 'n lewensverhouding permanent is al dan nie.⁹² Die vraag ontstaan watter faktore die howe moet oorweeg ten einde vas te stel of 'n lewensverhouding permanent is al dan nie – moet die howe die tydsduur wat die lewensverhouding bestaan het as deurslaggewend beskou, of die subjektiewe bedoeling van die partye wat betrokke is?⁹³ Indien die tydsduur as die deurslaggewende faktor beskou word, ontstaan die vraag wat die tydperk is wat moet verloop alvorens dit as 'permanent' beskou kan word – 'n maand, 'n jaar of tien jaar?⁹⁴ Die Suid-Afrikaanse Regskommissie⁹⁵ het 'n aantal faktore neergelê wat in ag geneem kan word in die bepaling van die permanente aard van 'n lewensverhouding:

the respective ages of the partners; the duration of the partnership; whether the partners took part in a ceremony manifesting their intention to enter into a permanent partnership; what the nature of that ceremony was and who attended it; how the partnership is viewed by the reactions and friends of the partners; whether the partners share a common abode; whether the partners own or lease the common abode jointly; whether and to what extent the partners share responsibility for living expenses and the upkeep of the joint home; whether and

89 Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* par 2.24.

90 Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning* par 2.24.

91 Sien par 7.3 hieronder.

92 Picarra 2007 SAJHR 568.

93 Picarra 2007 SAJHR 568.

94 Picarra 2007 SAJHR 568.

95 South African Law Reform Commission (hierna die SALRC).

to what extent one partner provides financial support for the other; whether and to what extent the partners have made provision for one another in relation to medical, pension and related benefits; whether there is a partnership agreement and what its contents are; and whether and to what extent the partners have made provision in their wills for one another.⁹⁶

Hierdie lys faktore is aanduidend van die bestaan van 'n permanente lewensverhouding, alhoewel hierdie lys nie eksklusief is nie en dit dui verder ook op die bestaan van 'n wedersydse onderhoudsplig.⁹⁷

In *Du Plesiss v Road Accident Fund*⁹⁸ was die vraag voor die Hoogste Hof van Appèl of die appellant, die oorlewende selfde-geslag lewensmaat van die oorledene, geregtig was om skadevergoeding vir verlies van inkomste van die respondent, die Padongelukkefonds, te kan eis.⁹⁹ Ingevolge die gemeenereg is 'n gade wat wettiglik met die oorledene getroud was, geregtig om 'n eis vir die onregmatige dood van sy of haar broodwinner in te stel.¹⁰⁰ Die appellant se argument was gebaseer op die ontwikkeling van die gemeenregtelike onderhoudsplig om die langslewende selfde-geslag lewensmaat in te sluit en hom of haar in dieselfde posisie te plaas as 'n langslewende gade van 'n wettige huwelik.¹⁰¹ Die Hof het beslis dat die kontraktuele onderhoudsplig wat uit hierdie verhouding voortgevloei het, 'n wettige onderhoudsplig daarstel wat erken en afgedwing moet word.¹⁰² Appèlregter Cloete het die gemeenregtelike onderhoudsplig uitgebrei en bevind dat die appellant

as a same-sex partner of the deceased in a permanent life relationship similar in other respects to marriage, in which the deceased had undertaken a contractual duty of support to him, is entitled to claim damages from the defendant for loss of that support.¹⁰³

96 South African Law Reform Commission *Report on Domestic Partnerships* 14; Picarra 2007 SAJHR 568.

97 Picarra 2007 SAJHR 569.

98 *Du Plesiss v Road Accident Fund* 2004 1 SA 359 (HHA).

99 *Du Plesiss v Road Accident Fund* 2004 1 SA 359 (HHA) 367F-G; Steynberg en Mokotong 2005 THRHR 330.

100 Steynberg en Mokotong 2005 THRHR 331.

101 Steynberg en Mokotong 2005 THRHR 331. Let daarop gelet dat hierdie uitspraak voor die inwerkingtreding van die *Civil Union Act* gelewer is.

102 *Du Plesiss v Road Accident Fund* 2004 1 SA 359 (HHA) 371D; Steynberg en Mokotong 2005 THRHR 331; Mamashela en Carnelley 2006 *Obiter* 387.

103 *Du Plesiss v Road Accident Fund* 2004 1 SA 359 (HHA) 378B-C; Steynberg en Mokotong 2005 THRHR 330.

In hierdie saak het die Hof egter nagelaat om die onderhoudspilig in alle selfde-geslag verhoudings te erken deurdat die beslissing tot 'n spesifieke soort selfde-geslag verhouding beperk was, naamlik waar die lewensmaats kontraktueel onderneem het om mekaar te onderhou.¹⁰⁴ Volgens die Hof is daar drie faktore wat toegepas moet word in die oorweging of die gemeenregtelike onderhoudspilig uitgebrei kan word na die langsliewende selfde-geslag lewensmaat (wie se oorlede lewensmaat die broodwinner was en onregmatig in 'n ongeluk gedood is), naamlik:¹⁰⁵

- (a) die oorledene en die langsliewende selfde-geslag lewensmaats moes in 'n *permanente lewensverhouding* betrokke gewees het;
- (b) hul verhouding moes in alle aspekte soortgelyk aan 'n *wettige huwelik* gewees het; en
- (c) die lewensmaats moes *kontraktueel onderneem* het om mekaar te onderhou.

Die Hof het hom egter nie duidelik uitgespreek oor die kwalifikasie van 'permanent' nie. Tot op hede het die hof nog geen minimum aantal jare as basis neergelê vir die bepaling van permanensie nie.¹⁰⁶ Dit wou egter voorkom of die Hof die aantal jare van die homoseksuele verhouding in ag neem, asook die mate van kontinuïteit.¹⁰⁷ Die interpretasie van die woord 'permanent' plaas 'n strengere vereiste op paartjies van dieselfde geslag in teenstelling as op getroudes, deurdat die voordele van 'n huwelik onmiddellik laasgenoemde toeval sodra hulle trou.¹⁰⁸ Verder is die duur van

104 Steynberg en Mokotong 2005 *THRHR* 331.

105 *Du Plessis v Road Accident Fund* 2004 1 SA 359 (HHA) 378B; Steynberg en Mokotong 2005 *THRHR* 331.

106 Steynberg en Mokotong 2005 *THRHR* 332.

107 Steynberg en Mokotong 2005 *THRHR* 331-323. Alhoewel die Hof nie enige spesifieke termyn vasgelê het nie, wil dit voorkom asof die Hof ten gunste van 'n lang voortdurende tydperk was. Daar was al heelwat regspraak wat gehandel het met die permanensie van 'permanente' homoseksuele saamwoonverhoudings. In *Satchwell v President of the Republic of South Africa* 2002 6 SA 1 (KH) was die partye vir 12 jaar in so 'n verhouding, terwyl sodanige verhouding in *Du Toit v Minister of Welfare and Population Development* 2003 2 SA 198 (KH) vir 13 jaar geduur het. In *J v Director General, Department of Home Affairs* 2003 5 BCLR 463 (KH) was die partye vir 8 jaar in 'n homoseksuele verhouding en in *Robinson v Volks* 2004 2 All SA 61 (K) het die partye se heteroseksuele verhouding vir 16 jaar bestaan.

108 Steynberg en Mokotong 2005 *THRHR* 332.

die verhouding nie die enigste faktor in die bepaling van permanensie nie, maar moet daar ook aandag geskenk word aan die mate van verbintenis wat hulle teenoor mekaar toon, die mate van gehegtheid wat tussen hulle bestaan en hul bedoeling (uitdruklik, geskrewe of stilswyend).¹⁰⁹

Steynberg en Mokotong¹¹⁰ voer aan dat die oorwegende faktore in hierdie saak die volgende was:

- (i) dat die verhouding tussen die partye van so 'n aard was dat dit tot 'n onderhoudsverpligting gelei het;
- (ii) dat die oorledene inderdaad die afhanklike onderhou het; en
- (iii) dat hulle in 'n verhouding was wat deur die gemenereg erken en beskerm moes word.

Aangesien persone van dieselfde geslag sowel as persone van die teenoorgestelde geslag in permanente saamwoonverhoudings betrokke is, moet beide hierdie situasies afsonderlik ontleed word ten einde vas te stel hoe die regte en regsgevolge hieraan verbonde van mekaar verskil.

4.3 *Persone van dieselfde geslag*

4.3.1 *Inleiding*

Persone in selfde-geslag verhoudings was voorheen deur die bepalings van die *Wet op Intestate Erfopvolging* uitgesluit en kon dus nie ingevolge hierdie wet van mekaar erf nie.¹¹¹ Die *Civil Union Act* maak nou egter voorsiening vir persone van dieselfde geslag om 'n huwelik of burgerlike verbintenis te sluit en kan gevolglik intestaat van mekaar erf. Die vraag ontstaan egter of die een maat intestaat van die ander maat kan erf in die geval waar hulle nie hul verhouding in terme van die Wet geformaliseer het nie.

109 Steynberg en Mokotong 2005 *THRHR* 332.

110 Steynberg en Mokotong 2005 *THRHR* 333. Sien *Amod v Multilateral Motor Vehicle Accident Fund (Commission for General Equality Intervening)* 1999 4 SA 1319 (HHA).

111 Wood-Bodley 2008 *SALJ* 47; Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 421; Jones 2007 <http://www.moneywebtax.co.za/moneywebtax/view/moneywebtax/en/page258?oid=404&sn=Detail>.

4.3.2 *Gory v Kolver*¹¹²

4.3.2.1 Feite

Die Konstitusionele Hof het in *Gory v Kolver* beslis dat selfde-geslag lewensmaats geregtig is om, net soos tradisionele gades, intestaat van hul lewensmaat te erf. Gory en Brooks (die oorledene) se verhouding het in Mei 2003 'n aanvang geneem, waarna hulle in Junie 2004 eiendom gekoop het wat in Brooks se naam oorgedra is en het gevolglik 'n gemeenskaplike huishouding begin. Brooks is op 30 April 2005 intestaat oorlede waarna Kolver aangestel is as die eksekuteur van Brooks se bestorwe boedel, waarvan die huis waarin Gory en Brooks saamgewoon het deel gevorm het.¹¹³ Ingevolge die *Wet op Intestate Erfopvolging* 81 van 1987 was Brooks se ouers sy enigste erfgename aangesien Brooks nie wettiglik getroud was nie en geen afstammeling gehad het nie. Gory het aangevoer dat hy Brooks se enigste erfgenaam is en het by die Hooggeregshof in Pretoria aansoek gedoen vir bekragtiging hiervan.¹¹⁴

4.3.2.2 Beslissing van die hof *a quo* en die Konstitusionele Hof

Die Pretoria Hooggeregshof het bevind dat Gory en Brooks in 'n permanente selfde-geslag lewensverhouding betrokke was en dat hul wedersyds onderneem het om mekaar te onderhou.¹¹⁵ Die hof het verder bevind dat artikel 1(1) van die *Wet op Intestate Erfopvolging* ongrondwetlik was aangesien dit selfde-geslag lewensmaats uitgesluit het om intestaat van mekaar te erf en gevolglik onbillik teenoor hierdie persone gediskrimineer het.¹¹⁶ Die Konstitusionele Hof het die beslissing van die hof *a quo* bevestig en het beslis dat die woorde "or partner in a permanent same-sex life partnership in which the partners have undertaken reciprocal duties of support" ingelees moet word na die woord "spouse", waar dit

112 *Gory v Kolver NO and Others (Starke and Others Intervening)* 2007 4 SA 97 (KH).

113 Picarra 2007 SAJHR 563.

114 Picarra 2007 SAJHR 563.

115 *Gory v Kolver NO and Others* 2006 7 BCLR 775 (T); Picarra 2007 SAJHR 563.

116 *Gory v Kolver NO and Others* 2006 7 BCLR 775 (T) 787; Picarra 2007 SAJHR 563.

ookal in daardie artikel te voorskyn kom.¹¹⁷ Die Konstitusionele Hof het verder beslis dat hierdie wysiging terugwerkend van toepassing moet wees, maar wel beperkend ten einde ontwrigting in die bereddering van bestorwe boedels te vermy en om die posisie van ander persone te beskerm.¹¹⁸

4.3.2.3 Gevolgtrekking

Ingevolge hierdie uitspraak is 'n selfde-geslag lewensmaat geregtig om intestaat van sy oorlede lewensmaat te erf nieteenstaande die feit dat die partye nie 'n burgerlike verbintenis of huwelik gesluit het nie, terwyl dit nie vir persone in teenoorgestelde-geslag lewensvennootskappe moontlik is nie. Dit blyk dus uit hierdie uitspraak dat selfde-geslag lewensmaats in 'n permanente saamwoonverhouding op die onveranderlike gevolge of voordele van huweliksluiting geregtig is ten spyte van die feit dat hul nie getroud is nie. Hierdie posisie is egter nie deur die *Civil Union Act* gewysig nie en gevolglik kan hierdie benadering tot onbillike diskriminasie teen persone in permanente teenoorgestelde-geslag lewensverhoudings aanleiding gee aangesien hulle nie op dieselfde voordele geregtig is nie.¹¹⁹

4.4 *Persone van die teenoorgestelde geslag*

4.4.1 *Statutêre erkenning van permanente teenoorgestelde-geslag lewensverhoudings*

Ingevolge artikel 4(q), saamgelees met artikel 1 van die *Boedelbelastingwet*,¹²⁰ word eiendom wat vanuit die oorlede gade¹²¹ se

117 *Gory v Kolver NO and Others* 2007 4 SA 97 (KH) 107F-G, 125G-I; Wood-Bodley 2008 SALJ 48-51; Picarra 2007 SAJHR 563, 565; Jones 2007 <http://www.moneywebtax.co.za/moneywebtax/view/moneywebtax/en/page258?oid=404&sn=Detail>.

118 Jones 2007 <http://www.moneywebtax.co.za/moneywebtax/view/moneywebtax/en/page258?oid=404&sn=Detail>.

119 Picarra 2007 SAJHR 565.

120 Sien vn 3.

121 'Gade' met betrekking tot 'n oorlede persoon, sluit ook 'n permanente selfde-geslag of teenoorgestelde-geslag verbintenis in – sien artikel 1 en omskrywing van 'gade'.

boedel aan 'n langselewende toeval, van boedelbelasting uitgesluit.¹²² Verder word skenkings tussen lewensmaats in terme van artikel 56(1)(b), saamgelees met artikel 1 van die *Inkomstebelastingwet*,¹²³ van geskenkebelasting uitgesluit.¹²⁴ In hierdie gevalle ontvang lewensmaats en 'gades' dieselfde behandeling – so byvoorbeeld maak die *Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en- Siektes*¹²⁵ voorsiening vir 'n persoon wat as 'man en vrou' met die werknemer saamgeleef het en wat in geheel of gedeeltelik finansiële van die werknemer afhanklik was, om vergoeding as afhanklike te eis indien die werknemer in die loop van sy of haar beroep oorlede is. Dit sal slegs die geval wees waar die werknemer nie ook 'n gade gehad het nie.¹²⁶

Die *Wet op Pensioenfondse* 24 of 1956 beskryf 'n eggenoot¹²⁷ soos volg:

'Eggenoot' beteken 'n persoon wat die permanente lewensmaat of eggenoot of siviele verbintenismaat van 'n lid is, ooreenkomstig die *Huwelikswet*, die *Wet op die Erkenning van Gebruiklike Huwelike* of die *Civil Union Act*, of die leerstelling van 'n godsdiens.¹²⁸

Volgens artikel 21(13) van die *Insolvensiewet* beteken 'eggenoot' nie alleen 'n eggenoot in die wettige sin nie, maar ook 'n eggenoot kragtens 'n huwelik volgens enige regstelsel of gebruik en ook 'n vrou wat met 'n man as sy eggenote saamleef en andersom, hoewel hulle nie met mekaar getroud is nie.¹²⁹

122 Heaton 2005 *THRHR* 663; De Wet *Saamwoonverhoudings* 15.

123 Sien vn 66.

124 Heaton 2005 *THRHR* 663; De Wet *Saamwoonverhoudings* 15.

125 Sien vn 66.

126 A 22(1) van die *Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en- Siektes* saamgelees met a 1 van dieselfde wet; Heaton 2005 *THRHR* 663; De Wet *Saamwoonverhoudings* 15.

127 Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) omskryf die begrip 'gade' as 'eggenoot'. Sien Odendal FF en Gouws RH *HAT – Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* 4e uitg (Perskor Uitgewers Midrand 2000) 242.

128 Die omskrywing van 'eggenoot' is ingevoeg deur a 1(h) van die *Wysigingswet op Pensioenfondse* 11 van 2007; De Wet *Saamwoonverhoudings* 15.

129 Nkala M "Domestic partnerships – relief at last?" 2004 *De Rebus* 26; Wynne R "What is a 'spouse' in our law?" 2002 *Insurance and Tax* 6; Matlala DM "Some aspects regarding the vesting of property of the solvent spouse in the trustee of the insolvent spouse's estate 2002 *Codicillus* 10; De Wet *Saamwoonverhoudings* 15.

Artikel 4(1)(b) van die *Ongevallewet* 30 van 1941 gee aan die Kommissaris wye diskresionêre bevoegdhede om te bepaal wie as afhanklikes van die werknemer by sy dood klassifiseer. Die artikel bepaal dat

... if there is no widow who, at the time of the accident, was wholly or partly dependant on the workman for the necessities of life, any woman with who the workman was, in the opinion of the Commissioner, living as man and wife at the time of the accident shall be regarded as a beneficiary.¹³⁰

Daar bestaan egter sekere omstandighede waar permanente lewensmaats (van die teenoorgestelde geslag) nie dieselfde voordele as wettige gades geniet nie. In hierdie geval is dit belangrik om na die beslissing van die Konstitusionele Hof in *Volks v Robinson* te kyk.

4.4.2 *Volks v Robinson*¹³¹

4.4.2.1 Inleiding

Tot voor hierdie uitspraak het die Konstitusionele Hof geweier om die voordele wat vir gades gereserveer is, na lewensmaats van die teenoorgestelde geslag uit te brei. *Volks v Robinson* was die eerste saak waar die Konstitusionele Hof gekonfronteer is met die grondwetlikheid al dan nie van die weiering van statutêre voordele wat vir gades gereserveer is.¹³² Die Hof moes in hierdie saak uitspraak gee oor die grondwetlikheid van die uitsluiting van teenoorgestelde geslag lewensmaats van die strekwydte van die *Wet op die Onderhoud van Langslewende Gades* aangesien hierdie wet slegs voorsiening maak vir 'n onderhoudseis aan die langslewende 'gade' van 'n huwelik wat deur die dood na 1 Julie 1990 ontbind is.¹³³

130 Nkala 2004 *De Rebus* 26; De Wet *Saamwoonverhoudings* 15, 19-21. Ander wetgewing waarin persone in permanente saamwoonverhoudings dieselfde status as 'n tradisionele gade gekry het, sluit onder andere die *Immigrasiewet* 13 van 2002, die *Wet op Status van Kinders* 82 van 1997, die *Wet op Kindersorg* 74 van 1983 en die *Wet op Voogdy* 92 van 1993 in.

131 *Volks v Robinson* 2005 5 BCLR 446 (KH).

132 Heaton 2005 *THRHR* 663.

133 Heaton 2005 *THRHR* 663. 'n Onderhoudseis word teen die bestorwe boedel van die oorledene ingestel in die mate wat die langslewende nie in sy of haar redelike onderhoud vanuit sy of haar eie middele kan voorsien nie. (a 2(1)).

4.4.2.2 Feite

Die feite in hierdie saak was kortliks soos volg. Die eerste respondent (Robinson) en die oorledene was vir sestien jaar tot en met die afsterwe van die oorledene in 2001 in 'n heteroseksuele, monogame en permanente lewensverhouding betrokke.¹³⁴ Hulle het egter nooit 'n siviele huwelik gesluit nie en geen kinders is uit hierdie verhouding gebore nie. Tydens hul verhouding het die partye op 'n aaneenlopende basis saamgewoon en in die huishoudelike kostes gedeel. Verder is Robinson ook as 'n afhanklike op die oorledene se mediese fondsskema aanvaar.¹³⁵ Robinson het 'n eis om onderhoud in terme van artikel 2(1) van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades*¹³⁶ teen die bestorwe boedel ingestel.¹³⁷ Die appellant (die eksekuteur van die bestorwe boedel) het Robinson se eis teengestaan op grond daarvan dat sy nie 'n 'gade' in terme van die Wet beskou is nie. Robinson het by die Kaapse Hooggeregshof aansoek gedoen vir 'n bevel wat verklaar dat sy 'n 'langslewende gade' van die oorledene vir doeleindes van die Wet is en dus op onderhoud in terme van hierdie Wet geregtig is.¹³⁸ Sy het aangevoer dat daar teen haar gediskrimineer word op grond van haar huwelikstatus deurdar sy uitgesluit word van die voordele wat haar sou toekom indien sy en die oorledene wel wettig getroud was.¹³⁹

134 *Volks NO v Robinson* 2005 5 BCLR 446 (CC) 450; Wildenboer 2005 *SAPL* 459; Nkala 2004 *De Rebus* 24; Mamashela en Carnelley 2006 *Obiter* 387; Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 433.

135 Wildenboer 2005 *SAPL* 459; Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 433.

136 A 2(1) lui soos volg:

Indien 'n huwelik na die inwerkingtreding van hierdie Wet deur die dood ontbind word, het die langslewende 'n vordering teen die boedel van die afgestorwe gade vir die voorsiening in sy eie redelike onderhoudsbehoefes tot by sy dood of hertrou vir sover hy nie uit eie middele en verdienste daartoe in staat is nie."

'Langslewende' word in artikel 1 van die wet gedefinieer as die langslewende gade in 'n huwelik wat deur die dood ontbind is.

137 Wildenboer 2005 *SAPL* 459; Smith en Grober 2005 *TSAR* 753.

138 Wildenboer 2005 *SAPL* 459-460; Heaton 2005 *THRHR* 663-664. In die alternatief het sy aansoek gedoen dat die uitsluiting van 'n langslewende van 'n huishoudelike vennootskap in die lig van die bepalings van die Wet ongrondwetlik en dus ongeldig is op grond daarvan dat dit onbillik diskrimineer op grond van huwelikstatus en gevolglik haar reg op waardigheid aantast.

139 Jazbhay 2005 *De Rebus* 28; Nkala 2004 *De Rebus* 24.

4.4.2.3 Beslissing van die hof *a quo*

Die Kaapse Hooggeregshof het beslis dat artikel 2(1) van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades*, saamgelees met die definisie van 'langslewende' in artikel 1, ongrondwetlik is deurdat dit in stryd is met die reg op gelykheid in terme van artikel 9 van die *Grondwet* en dat dit spesifiek onbillik diskrimineer op grond van huwelikstatus.¹⁴⁰ Regter Davis het die vraag wat deur die hof beantwoord moet word soos volg geformuleer, naamlik of daar enige regverdiging bestaan om 'n onderskeid tussen permanente selfde-geslag-verhoudings en huishoudelike vennootskappe (tussen persone van die teenoorgestelde geslag) te tref.¹⁴¹ Die regter het die opmerking gemaak dat huishoudelike vennootskappe 'n integrale rol in die Suid-Afrikaanse familieleeu speel.¹⁴² Die hof het gevolglik beslis dat artikel 1 van die *Wet* gewysig moet word om persone verbonde aan 'n huishoudelike vennootskap in te sluit.¹⁴³

4.4.2.4 Beslissing van die Konstitusionele Hof

In die Konstitusionele Hof het die meerderheid regters beslis dat die betrokke bepalings van die bogenoemde *Wet* nie in stryd met artikels 9 en 10 van die *Grondwet* is nie en het gevolglik nie die bevel van die Hooggeregshof bevestig nie.¹⁴⁴ Daar is beslis dat die onderskeid tussen 'n gade en 'n teenoorgestelde-geslag lewensmaat, deur die uitsluiting van laasgenoemde van 'n statutêre onderhoudseis teen die bestorwe boedel van sy of haar oorlede lewensmaat in omstandighede waar 'n gade wel so 'n eis sou hê, nie op onbillike diskriminasie neerkom nie.¹⁴⁵ Die hof het in

140 *Robinson v Volks* 2004 6 SA 288 (K) 299; Wildenboer 2005 *SAPL* 460; Heaton 2005 *THRHR* 664; Smith en Grober 2005 *TSAR* 753; Robinson ea *Familiereg* 42-43; Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 434.

141 *Robinson v Volks* 2004 6 SA 288 (K) 294B-G; Wildenboer 2005 *SAPL* 460.

142 *Robinson v Volks* 2004 6 SA 288 (K) 299H-I; Wildenboer 2005 *SAPL* 460.

143 Wildenboer 2005 *SAPL* 460.

144 *Robinson v Volks* 2004 6 SA 288 (K) 302D-F; Wildenboer 2005 *SAPL* 461; Heaton 2005 *THRHR* 664; Smith en Grober 2005 *TSAR* 753; Robinson ea *Familiereg* 42; Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 434.

145 *Volks v Robinson* 2005 5 *BCLR* 446 (KH) 463-464; Heaton 2005 *THRHR* 664; Smith en Grober 2005 *TSAR* 753; Mamashela en Carnelley 2006 *Obiter* 387; Picarra 2007 *SAJHR* 566.

hierdie verband gesê dat “[t]he law may in appropriate circumstances accord benefits to married people which it does not accord to unmarried people”.¹⁴⁶ Die meerderheid van die regters het dit verder uitgelig dat die Konstitusionele Hof al voorheen die huwelik en die familie as ’n belangrike sosiale instelling in ons gemeenskap beskou het.¹⁴⁷

4.4.2.5 Meerderheidsuitspraak deur Regter Skweyiya

In die meerderheidsuitspraak het die Hof verder tot die gevolgtrekking gekom dat daar *ex lege* geen wedersydse onderhoudspilig tussen lewende, ongetroude persone bestaan nie, terwyl daar in die geval van getroude persone wel so ’n onderhoudspilig *ex lege* bestaan.¹⁴⁸ Waar daar nie ’n onderhoudspilig *ex lege* bestaan nie, sal dit gevolglik onredelik wees om so ’n plig op die bestorwe boedel te plaas en word so ’n verpligting ook nie deur die *Grondwet* vereis nie.¹⁴⁹ Regter Skweyiya het hom soos volg uitgespreek:

I conclude that it is not unfair to make a distinction between survivors of a marriage on the one hand, and survivors of a heterosexual cohabitation relationship on the other. In the context of the provision for maintenance of the survivor of a marriage by the estate of the deceased, it is entirely appropriate not to impose a duty upon the estate where none arose by operation of law during the lifetime of the deceased. Such an imposition would be incongruous, unfair, irrational and untenable.¹⁵⁰

4.4.2.6 Meerderheidsuitspraak deur Regter Ngcobo

In die tweede meerderheidsuitspraak wat gelewer is, stel Regter Ngcobo dat die *Grondwet* in artikel 15(3)(a)(i) die huwelik as instelling erken en dat

146 *Volks v Robinson* 2005 5 BCLR 446 (KH) 462-463; Cooke 2005 SALJ 544.

147 *Volks v Robinson* 2005 5 BCLR 446 (KH) 462; Heaton 2005 THRHR 664. Sien in hierdie verband *Dawood v Minister of Home Affairs* 2000 3 SA 936 (KH) en *Du Toit v Minister of Welfare* 2003 2 SA 198 (KH).

148 Wildenboer 2005 SAPL 461; Heaton 2005 THRHR 664; Cooke 2005 SALJ 544.

149 Heaton 2005 THRHR 664; Smith en Grober 2005 TSAR 754; Robinson ea *Familiereg* 43.

150 *Volks v Robinson* 2005 5 BCLR 446 (KH) 464; Wildenboer 2005 SAPL 461; Heaton 2005 THRHR 664; Mamashela en Carnelley 2006 *Obiter* 387. Wat haar waardigheid in terme van a 10 van die *Grondwet* betref, beslis die hof op bladsy 465 van die uitspraak dat die onderskeid ten opsigte van die wedersydse onderhoudspilig tussen getroude persone en diegene wat nie getroud is nie, nie onbillik is nie en dat haar reg op waardigheid nie hierdeur aangetas word nie.

hierdie erkenning konsekwent is met die verpligtinge opgelê deur internasionale en regionale menseregte-instrumente.¹⁵¹ In die lig hiervan mag die reg in sekere omstandighede 'n onderskeid tussen getroude en ongetroude persone tref en ook beskerming aan getroude persone verleen wat nie die geval sal wees met ongetroude persone nie.¹⁵² Hy beslis dat die doel van die bepalings in die Wet is om beskerming te verleen aan die reg van getroude persone om onderhoud van die oorlede gade te ontvang en dat die diskriminasie gevolglik nie onbillik is nie.¹⁵³

4.4.2.7 Minderheidsuitspraak deur Regters Mokgoro en O'Regan

Bogenoemde twee regters het nie met een van die meerderheidsuitsprake saamgestem nie aangesien sodanige benadering daarop neerkom dat die belangrikheid van die grondwetlike verbod op diskriminasie (op grond van huwelikstatus) ondermyn sal word en dat die huwelik geprivilegeerd sal bly.¹⁵⁴ Volgens hierdie regters is die diskriminasie onbillik deurdadig daar nie soortgelyke remedies vir die langsliewende vennoot van 'n huishoudelike vennootskap (wat soortgelyk aan 'n huwelik is) beskikbaar is nie.¹⁵⁵

4.4.2.8 Minderheidsuitspraak deur Regter Sachs

Regter Sachs het voorgestel dat die antwoord nie binne die bepalings van die huweliksreg lê nie, maar binne die wyer raamwerk van die beginsels van die familiereg.¹⁵⁶ Hy is verder ook van mening dat daar nie

151 *Volks v Robinson* 2005 5 BCLR 446 (KH) 469-470; Wildenboer 2005 SAPL 462.

152 *Volks v Robinson* 2005 5 BCLR 446 (KH) 471-472; Wildenboer 2005 SAPL 462; Heaton 2005 THRHR 664.

153 *Volks v Robinson* 2005 5 BCLR 446 (KH) 472; Wildenboer 2005 SAPL 462; Heaton 2005 THRHR 664.

154 Wildenboer 2005 SAPL 463.

155 Wildenboer 2005 SAPL 463; Picarra 2007 SAJHR 566.

156 *Volks v Robinson* 2005 5 BCLR 446 (KH) 494; Wildenboer 2005 SAPL 464. Op bladsy 517-518 van die uitspraak stel hy dat die algemene doel van die familie is om stabiliteit, verantwoordelikheid en gelykheid in intieme familieverhoudings te bewerkstellig.

gekonsentreer moet word op die feit of die partye getroud is of nie, maar eerder op die funksie wat sodanige verhouding in die samelewing vervul.¹⁵⁷

Hy stel dat die definisie-benadering daarop neerkom dat slegs persone wat aan die huidige definisie van huwelik (soos dit was in 2005 voor die inwerkingtreding van die *Civil Union Act*) voldoen, geregtig is op die gevolge van huweliksluiting en dat slegs so 'n huwelik geregtig is op beskerming deur die reg.¹⁵⁸ In teenstelling hiermee impliseer die funksionele benadering dat, as gevolg van veranderinge in die samelewing, dit tyd geword het dat die definisie van huwelik geherformuleer moet word (wat ook gedoen is in die *Civil Union Act*) ten einde regsbeskerming te verleen aan die funksie wat 'n betrokke verhouding vervul.¹⁵⁹ In die toepassing van die funksionele benadering op die betrokke saak, beslis hy dat dit in twee gevalle onbillik sal wees om permanente nie-getroude lewensvennote van die bevoordelings van die Wet uit te sluit, naamlik:

- (a) waar albei partye onderneem het om mekaar finansiële sowel as emosioneel te ondersteun; en
- (b) waar 'n verantwoordelikheid vir wedersydse onderhoud uit die aard van die lewensvennootskap voortvloei.¹⁶⁰

Gevolgtrekking beslis hy dat die bepalinge van die Wet in die lig van artikel 9(3) van die *Grondwet* onbillik diskrimineer.¹⁶¹

4.4.2.9 Gevolgtrekking

Hierdie saak was slegs van toepassing op die uitsluiting van heteroseksuele, monogame persone in 'n permanente lewensvennootskap van sekere voordele wat aan getroude persone verskaf word en het nie op

157 Hierdie funksie sluit in die beskerming van weerbare lede van families en die bevordering van regverdigheid tussen partye in familiedispute. Wildenboer 2005 *SAPL* 464-465.

158 Wildenboer 2005 *SAPL* 465.

159 Wildenboer 2005 *SAPL* 465.

160 Wildenboer 2005 *SAPL* 465. Para 214 en 218 onderskeidelik.

161 Wildenboer 2005 *SAPL* 465. Para 227.

enige ander verhoudings betrekking gehad nie.¹⁶² Hierdie saak sit gevolglik die regsposisie soos dit tans die geval is van persone in permanente teenoorgestelde-geslag lewensvennootskappe uiteen. Ongetroude persone kan verdeel word in diegene wat deur die reg verbied word om te trou (soos persone van dieselfde geslag voor die inwerkingtreding van die *Civil Union Act* en persone binne die verbode grade van verwantskap) en diegene wat nie verbied word om te trou nie, maar wat by wyse van keuse besluit om nie te trou nie. Alhoewel howe persone in die eerste kategorie al tegemoetkomend gesind was, kan in die lig van die betrokke saak nie dieselfde gesê word van persone in die tweede kategorie nie.¹⁶³ In die lig van die uitspraak in die *Volks*-saak, kan persone wat wettiglik kan trou maar die keuse uitoefen om dit nie te doen nie, nie op die onveranderlike gevolge van huweliksluïting na die dood van een van die lewensmaats staat maak nie.¹⁶⁴

4.5 Draft Domestic Partnership Bill

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie is al 'n geruime tyd besig om die posisie van permanente saamwoonverhoudings te ondersoek en om aanbevelings hieroor te maak.¹⁶⁵ Uit hierdie ondersoek het die *Domestic Partnership Bill*¹⁶⁶ te voorskyn gekom. Die oogmerke van die Wetsontwerp is om die reg op gelykheid en reg op menswaardigheid vir die vennote in huishoudelike vennootskappe¹⁶⁷ te verseker en om die familiereg te hervorm ten einde met die Handves van Regte te konformeer, deur die:

(a) erkenning van die regstatus van huishoudelike vennote;

162 Wildenboer 2005 *SAPL* 465.

163 Wildenboer 2005 *SAPL* 465-466.

164 Mamashela en Carnelley 2006 *Obiter* 388.

165 Picarra 2007 *SAJHR* 567.

166 *Draft Domestic Partnership Bill* in GK 36 SK 30663 van 14 Januarie 2008 (hierna die *Draft Domestic Partnership Bill*).

167 Die wetsontwerp definieer 'n huishoudelike vennootskap of te wel "domestic partnership" soos volg: "A registered domestic partnership or unregistered domestic partnership between two persons who are both 18 years of age or older and includes a former domestic partnership".

- (b) regulering van die regte en verpligtinge van huishoudelike vennote;
- (c) beskerming van die belange van beide huishoudelike vennote en belanghebbende partye (enige partye met 'n belang in, of wat redelikerwys 'n belang kan hê in die gesamentlike eiendom van die huishoudelike vennote, die afsonderlike eiendom van enige van die huishoudelike vennote of die gesamentlike skuld van die huishoudelike vennote¹⁶⁸) by die beëindiging van die huishoudelike vennootskap; en
- (d) finale bepaling van die finansiële verhouding tussen die huishoudelike vennote en tussen die huishoudelike vennote en belanghebbende partye waar die huishoudelike vennootskap beëindig word.¹⁶⁹

'n Persoon mag slegs 'n vennoot in een geregistreerde huishoudelike vennootskap op enige gegewe tydstip wees.¹⁷⁰ 'n Persoon wat onder die *Huwelikswet* of die *Wet op die Erkenning van Gebruiklike Huwelike* getroud is of wat 'n gade of vennoot in terme van die *Civil Union Act* is mag nie 'n huishoudelike vennootskap registreer nie.¹⁷¹ Verder mag enige persoon wat deur die reg verbied word om 'n huwelik te sluit op grond van bloed- of aanverwantskap nie 'n huishoudelike vennootskap registreer nie.¹⁷² 'n Huishoudelike vennootskap kan slegs geregistreer word indien ten minste een van die voornemende vennote 'n Suid-Afrikaanse burger is en albei partye 18 jaar of ouer is.¹⁷³ Dieselfde vereistes geld in die geval van 'n ongeregistreerde huishoudelike vennootskap.¹⁷⁴

Die voornemende vennote moet individueel en skriftelik hul bereidwilligheid om 'n huishoudelike vennootskap te registreer, verklaar deur die

168 A 1 van die *Domestic Partnership Bill*.

169 A 2 van die *Domestic Partnership Bill*.

170 A 4(1) van die *Domestic Partnership Bill*.

171 A 4(2) van die *Domestic Partnership Bill*.

172 A 4(5) van die *Domestic Partnership Bill*.

173 A 4(6) van die *Domestic Partnership Bill*.

174 A 26(4) en (5) van die *Domestic Partnership Bill*.

ondertekening van die voorgeskrewe vorms in die teenwoordigheid van die registrasie beampte.¹⁷⁵ Gevolglik moet die registrasie beampte 'n registrasiesertifikaat aan die vennote uitreik wat aandui dat hulle hul huishoudelike vennootskap geregistreer het en wat as *prima facie* bewys van die bestaan van die geregistreerde huishoudelike vennootskap tussen die vennote dien.¹⁷⁶

Geregistreerde huishoudelike vennote is verplig om mekaar te onderhou in ooreenstemming met elkeen se onderskeie finansiële vermoë.¹⁷⁷ Daar bestaan geen algemene gemeenskap van goedere tussen die vennote in 'n geregistreerde huishoudelike vennootskap nie.¹⁷⁸ 'n Geregistreerde huishoudelike vennoot mag nie sonder die verkryging van die skriftelike toestemming van die ander geregistreerde huishoudelike vennoot, die gesamentlike eiendom verkoop, skenk, met 'n verband beswaar, verhuur of andersins vervreem nie.¹⁷⁹

Geregistreerde vennote mag 'n geregistreerde huishoudelike vennootskap ooreenkoms aangaan wat die beheer en verdeling van die eiendom in die huishoudelike vennootskap reguleer.¹⁸⁰ Die geregistreerde huishoudelike vennootskapsoreenkoms moet op die registrasie sertifikaat aangedui en daarby aangeheg word.¹⁸¹ Waar daar geen aanduiding van die aangaan van so 'n geregistreerde huishoudelike vennootskapsoreenkoms bestaan nie of geen afskrif van so 'n geregistreerde huishoudelike vennootskapsoreenkoms aan die registrasie sertifikaat aangeheg is nie, sal sodanige ooreenkoms slegs bindend wees op die partye wat by die ooreenkoms betrokke was.¹⁸² In die afwesigheid van 'n geskrewe huishoudelike vennootskapsoreenkoms, het die partye in so verhouding

175 A 6(3) van die *Domestic Partnership Bill*.

176 A 6(6) en (7) van die *Domestic Partnership Bill*.

177 A 9 van die *Domestic Partnership Bill*.

178 A 7(1) van die *Domestic Partnership Bill*.

179 A 10 van die *Domestic Partnership Bill*.

180 A 7(3) van die *Domestic Partnership Bill*.

181 A 8(1) van die *Domestic Partnership Bill*.

182 A 7(4) van die *Domestic Partnership Bill*.

afsonderlike boedels.¹⁸³ Huishoudelike vennote kan slegs van mekaar erf deur middel van 'n testamentêre beskikking.¹⁸⁴

Indien die hof met inagneming van al die omstandighede van mening is dat die erkenning van die geregistreerde huishoudelike vennootskaps-ooreenkoms ernstige ongeregtheid tot gevolg sal hê, mag die hof die ooreenkoms of 'n deel daarvan tersyde stel.¹⁸⁵ Ten einde tot so 'n beslissing te kom, mag die hof die volgende faktore in ag neem:

- (a) die bepalings van die geregistreerde huishoudelike vennootskaps-ooreenkoms;
- (b) die tyd wat verloop het sedert die geregistreerde huishoudelike vennootskaps-ooreenkoms gesluit is;
- (c) of die geregistreerde huishoudelike vennootskaps-ooreenkoms onbillik of onredelik in die lig van al die omstandighede ten tyde van die sluiting daarvan was;
- (d) of die geregistreerde huishoudelike vennootskaps-ooreenkoms onbillik of onredelik geword het in die lig van enige verandering van die omstandighede sedert die sluiting van die ooreenkoms en of sodanige veranderinge deur die partye voorsien kon word of nie;
- (e) die feit dat die partye sekerheid ten opsigte van die status, eienaarskap en verdeling van eiendom by die sluiting van die huishoudelike vennootskaps-ooreenkoms wou bewerkstellig;
- (f) die bydraes van die partye tot die huishoudelike vennootskaps-ooreenkoms; en
- (g) enige ander faktor wat die hof as relevant kan ag.¹⁸⁶

In die afwesigheid van 'n onderhoudsooreenkoms, mag 'n hof na die beëindiging van die huishoudelike vennootskap, 'n bevel maak wat billik en regverdig is met betrekking tot die betaling van onderhoud deur een geregistreerde huishoudelike vennoot aan die ander vennoot vir 'n

183 Nkala 2004 *De Rebus* 25.

184 Nkala 2004 *De Rebus* 25.

185 A 8(2) van die *Domestic Partnership Bill*.

186 A 8(3) van die *Domestic Partnership Bill*.

spesifieke tydperk of totdat die persoon in wie se guns die onderhoudsbevel verleen is sterf, ingevolge die *Huwelikswet* of die *Wet op die Erkenning van Gebruiklike Huwelike* 'n huwelik sluit of in 'n burgerlike verbintenis of geregistreerde huishoudelike vennootskap tree.¹⁸⁷ Wanneer die hof moet besluit of die onderhoudsbevel verleen moet word en die bedrag en aard van die onderhoud bepaal moet word, moet die hof die volgende faktore in ag neem:

- (a) die onderskeie bydraes van elke vennoot van die geregistreerde huishoudelike vennootskap;
- (b) die bestaande en toekomstige vermoëns van elk van die geregistreerde huishoudelike vennote;
- (c) die onderskeie verdienvermoë, toekomstige finansiële behoeftes en verpligtinge van elk van die geregistreerde vennote;
- (d) die ouderdom van die geregistreerde vennote;
- (e) die duur van die geregistreerde huishoudelike vennootskap;
- (f) die lewenstandaard van die geregistreerde huishoudelike vennote voor die beëindiging van die geregistreerde huishoudelike vennootskap; en
- (g) enige ander faktor wat in die hof se opinie in ag geneem moet word.¹⁸⁸

In die geval van 'n ongeregistreerde huishoudelike vennootskap mag een of beide ongeregistreerde huishoudelike vennote, na die beëindiging van die ongeregistreerde huishoudelike vennootskap deur die dood of deur skeiding, by die hof aansoek doen om 'n bevel vir onderhoud, intestate erfopvolging of die verdeling van eiendom.¹⁸⁹ Wanneer die hof moet besluit of so 'n aansoek toegestaan moet word, moet die hof alle omstandighede met betrekking tot die verhouding in ag neem, insluitend die volgende faktore wat relevant mag wees:

187 A 18(1) van die *Domestic Partnership Bill*.

188 A 18(2) van die *Domestic Partnership Bill*.

189 A 26(1) van die *Domestic Partnership Bill*.

- (a) die duur en aard van die verhouding;
- (b) die aard en omvang van die gemeenskaplike woning;
- (c) die graad van finansiële afhanklikheid of onafhanklikheid en enige reëlings met betrekking tot finansiële bystand tussen die ongeregisteerde huishoudelike vennote;
- (d) die eienaarskap, gebruik en verkryging van die eiendom;
- (e) die graad van toegewydheid ten opsigte van die gemeenskaplike lewe;
- (f) die sorg en ondersteuning van kinders van die ongeregisteerde huishoudelike vennootskap;
- (g) die uitvoer van huishoudelike pligte;
- (h) die reputasie en publieke aspekte van die verhouding; en
- (i) die status van die verhouding van die ongeregisteerde huishoudelike vennote met derde partye.¹⁹⁰

Ongeregisteerde huishoudelike vennote is nie aanspreeklik om mekaar te onderhou nie en nie een van die vennote is geregtig om onderhoud van die ander vennoot te eis nie, behalwe waar die Wet daarvoor voorsiening maak.¹⁹¹ Na die ongeregisteerde huishoudelike vennote uit mekaar gegaan het, mag die hof op aansoek van enige van die vennote, 'n bevel maak wat billik en regverdig is met betrekking tot die betaling van onderhoud deur een ongeregisteerde huishoudelike vennoot aan die ander een vir 'n spesifieke tydperk, of tot sy of haar dood, hertroue of registrasie van 'n ander geregisteerde huishoudelike vennootskap vir sover hy of sy nie in staat is om hom- of haarself te onderhou nie.¹⁹² In hierdie verband moet die hof dieselfde faktore in ag neem as by artikel 18(2).¹⁹³

190 A 26(2) van die *Domestic Partnership Bill*.

191 A 27 van die *Domestic Partnership Bill*.

192 A 28(1) en 29(1) van die *Domestic Partnership Bill*.

193 A 28(2) van die *Domestic Partnership Bill*. Sien 2.5.16.

Volgens advokaat Yolandé van Aswegen is dit egter onwaarskynlik dat hierdie wetsontwerp binne die volgende twee jaar in wetgewing omskep sal word en in werking sal tree.¹⁹⁴

4.6 Samevatting

Die Suid-Afrikaanse reg verwag van persone wat regserkenning vir hul verhouding wil verseker, om proaktief op te tree deur 'n siviele huwelik, gewoonteregtelike huwelik of burgerlike verbintenis ("civil union") te voltrek, afhange van die omstandighede.¹⁹⁵ Indien die partye nie die nodige stappe neem om hul verhouding te formaliseer nie, sal hul verhouding as 'n blote saamwoonverhouding beskou word.¹⁹⁶

Alhoewel saamwoonverhoudings nie algemeen in ons reg erken word nie, word regserkenning wel in sekere velde van die reg, soos onder andere die belastingreg, aan hierdie tipe verhoudings verleen. Persone in permanente saamwoonverhoudings word nie wedersyds verplig om mekaar te onderhou nie, daar bestaan geen gemeenskaplike boedel nie en die lewensmaats kan ook nie intestaat van mekaar erf nie. Die beslissing in *Du Plessis v RAF* het tot gevolg dat, waar selfde-geslag lewensmaats kontraktueel onderneem het om mekaar te onderhou, hulle 'n eis het vir verlies van onderhoud waar een van die partye te sterwe sou kom. Dieselfde geld egter nie vir lewensmaats van die teenoorgestelde geslag nie – al sou hulle ook kontraktueel onderneem het om mekaar te onderhou, sal hul nie in staat wees om 'n eis vir verlies aan onderhoud in te stel nie.¹⁹⁷

194 Gesprek via epos op 17 Julie 2008 met adv Van Aswegen, 'n senior regsadministrasiebeampte by die Departement Binnelandse Sake. Dit word bevestig in Dudley 2008 www.moneywebtax.co.za/moneywebtax/view/moneywebtax/en/page450?oid=25028&sn.

195 Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 427.

196 Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 427.

197 Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 433-434; Mamashela en Carnelley 2006 *Obiter* 387-388.

Die Konstitusionele Hof het in *Volks v Robinson* beslis dat voordele wat as gevolg van huweliksluiting persone toeval, nie aan persone van die teenoorgestelde geslag wat in permanente saamwoonverhoudings leef, toegestaan kan word nie omrede hul die keuse uitgeoefen het om nie in die huwelik te tree nie, terwyl hulle bevoeg was om dit te doen. Uit die uitspraak in *Gory v Kolver* blyk dit dat 'n selfde-geslag lewensmaat geregtig is om intestaat van sy oorlede lewensmaat te erf nieteenstaande die feit dat die partye nie 'n burgerlike verbintenis of huwelik gesluit het nie, terwyl dit nie vir persone in teenoorgestelde-geslag lewensverhoudings moontlik is nie. Hierdie posisie kan moontlik aanleiding gee tot onbillike diskriminasie teen persone in permanente teenoorgestelde-geslag lewensverhoudings aangesien hulle nie op dieselfde voordele geregtig is nie.¹⁹⁸ Uit die bogenoemde regspraak blyk dit dus duidelik dat persone in teenoorgestelde-geslag lewensverhoudings in 'n baie swakker posisie as hul selfde-geslag eweknieë verkeer.

5 Gewoonteregtelike huwelike

Ingevolge die *Wet op die Erkenning van Gewoonteregtelike Huwelike* word 'n persoon wat ooreenkomstig die gewoontereg getroud is, as 'n gade beskou ongeag of die huwelik voor of na die inwerkingtreding van die wet voltrek is.¹⁹⁹ Voor die inwerkingtreding van hierdie wetgewing was die gebrek aan erkenning van poligamiese huwelike problematies aangesien poligamie (waar 'n man of vrou op dieselfde tydstip meer as een gade het) 'n intergrale deel van die kultuur van die inheemse bevolking van Suid-Afrika gevorm het.²⁰⁰ Ingevolge bogenoemde wetgewing word poligamie erken en is 'gade' nie beperk tot die eerste vrou nie.²⁰¹ Alle huwelike wat na 15 November 2000 aangegaan is, is huwelike binne gemeenskap van goedere, tensy gemeenskap van goed voor die aangaan van die huwelik deur 'n huweliksvoorwaardekontrak uitgesluit is.²⁰²

198 Picarra 2007 *SAJHR* 565; Mamashela en Carnelley 2006 *Obiter* 388.

199 Wynne 2002 *Insurance and Tax* 5.

200 Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 422.

201 Wynne 2002 *Insurance and Tax* 5.

202 Wynne 2002 *Insurance and Tax* 5.

Die Konstitusionele Hof het in *Bhe and Others v Magistrate, Khayelitsha and Others*²⁰³ bevind dat die beginsel van manlike eersgeboortereg reg ongrondwetlik is en het verder beslis dat die reg om intestaat van mekaar te erf ook na gades in monogame sowel as poligame gewoonteregtlike huwelike uitgebrei moet word.²⁰⁴

6 Godsdienstige huwelike

Artikel 15(3) van die *Grondwet* het die weg gebaan vir wetgewing wat erkenning verleen aan huwelike wat kragtens enige tradisie of 'n stelsel van godsdiens-, persone- of familiereg aangegaan is.²⁰⁵ Die Islamitiese reg beskou die huwelik as 'n burgerlike kontrak wat poliginie toelaat, maar poliandrie verbied.²⁰⁶ Waar persone slegs ingevolge hul geloof 'n 'huwelik' sluit sonder om die huwelik ook ingevolge die siviele reg te voltrek, sal hierdie 'huwelik' deur die Suid-Afrikaanse reg as nietig beskou word en sal geen regsgevolge daaruit voortvloei nie.²⁰⁷ Volgens Robinson *et al*²⁰⁸ beteken hierdie stuksgewyse erkenning nie dat Islamitiese huwelike regsgeldige status verkry nie, maar bloot dat sekere beperkte regsgevolge daaraan gekoppel word.

Daar is in *Ryland v Edros*²⁰⁹ bevind dat die kontraktuele verpligtinge wat uit die Islamitiese huwelik voortspruit wel tussen die partye afdwingbaar is, mits die huwelik monogaam is.²¹⁰ In *Amod v Multilateral Motor Vehicle Accidents Fund* is bevind dat die eis vir verlies van onderhoud ook vir

203 *Bhe v Magistrate, Khayelitsha (Commission for Gender Equality as Amicus Curiae); Shibi v Sithole; SA Human Rights Commissioner v President of the RSA* 2005 1 580 (KH).

204 Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 436.

205 Robinson ea *Familiereg* 47.

206 Robinson ea *Familiereg* 47. Poliginie is die situasie waar 'n man met meer as een vrou in die huwelik kan tree, terwyl poliandrie die situasie aandui waar 'n vrou met meer as een man in die huwelik kan tree. Gevolglik word 'n man toegelaat om tot vier vroue tegelyk te hê, mits hy in staat is om hulle te onderhou en hulle op 'n absoluut gelyke basis te behandel.

207 Robinson ea *Familiereg* 20, 49, 52. Dieselfde is die geval waar 'n huwelik slegs ingevolge die Hindoe-geloof voltrek word sonder om ook 'n siviele huwelik te sluit (*Singh v Ramparsad* 2007 3 SA 445 (D)).

208 Robinson ea *Familiereg* 49.

209 *Ryland v Edros* 1997 2 SA 690 (K).

210 Robinson ea *Familiereg* 49.

gades in 'n monogame Islamitiese huwelik beskikbaar moet wees, terwyl die Konstitusionele Hof in *Daniels v Campbell*²¹¹ bevind het dat die *Wet op die Onderhoud van Langslewende Gades* en die *Wet op Intestate Erfopvolging* ook op monogame Islamitiese huwelike van toepassing is.²¹² Die hof het genoem dat die grondwetlike waardes van gelykheid, verdraagsaamheid en respek vir diversiteit 'n sterk aanduiding was dat die woord 'gade' 'n wye en inklusiewe betekenis gegee moet word.²¹³ Aangesien die bogenoemde wetgewing ten doel het om verligting aan weduwees "a particularly vulnerable section of the population" te verskaf, het die hof geen rede gesien waarom Moslem vroue van hierdie beskerming uitgesluit moet word nie.²¹⁴ Die Hooggeregshof in Durban het ook in *Govender v Ragavayah*²¹⁵ die definisie van 'gade' in die *Wet op Intestate Erfopvolging* uitgebrei ten einde vrouens wat ooreenkomstig die Hindoe-reg getroud is, in te sluit waar hul gade nagelaat het om 'n testament op te stel.²¹⁶ Gevolglik kan die langslewende gade van 'n monogame Islamitiese- of Hindoe-huwelik onderhoud van die bestorwe boedel eis en ook intestaat van die oorledene erf.²¹⁷

Waar die huwelik egter van 'n poligamiese aard is, is die langslewende gades nie geregtig om onderhoud van die bestorwe boedel te eis nie. Die Hooggeregshof van die Kaapse Provinsiale Afdeling het egter op 18 Julie 2008 in die saak van *Hassam v Jacobs NO*²¹⁸ beslis dat 'n gade in 'n poligamiese Moslem huwelik ook daarop geregtig is om onderhoud van die bestorwe boedel te eis en dat die weiering van sodanige eis op onbillike

211 *Daniels v Campbell NO and Others* 2004 5 SA 331 (KH).

212 *Robinson ea Familiereg* 50.

213 *Daniels v Campbell NO and Others* 2004 5 SA 331 (KH) 343C; Jazbhay 2005 *De Rebus* 27.

214 *Daniels v Campbell NO and Others* 2004 5 SA 331 (KH) 344D; Jazbhay 2005 *De Rebus* 27.

215 *Govender v Ragavayah and 7 others* saaknommer 6715/08. (Beslis op 6 November 2008 in die Hooggeregshof van Durban en Kus Plaaslike Afdeling)

216 *Legalbrief Today* 2008 <http://www.legalbrief.co.za/article.php?story=20081106232514978>. Die applikant was ooreenkomstig die Hindoe-regstelsel getroud en was gevolglik nie geregtig om intestaat van haar man te erf nie, aangesien Hindoe-huwelike nie deur die Suid-Afrikaanse reg erken word nie.

217 *Robinson ea Familiereg* 50.

218 *Hassam v Jacobs NO en Andere* saaknommer 5704/2004.

diskriminasie neerkom.²¹⁹ Die beslissing is na die Konstitusionele Hof verwys vir bekragtiging.²²⁰

7 Die belang van die definisie 'gade' vir boedelbeplanning

7.1 Intestate erfopvolging

Die *Wet op Intestate Erfopvolging* verleen aan die langsliewende 'gade' van die oorlede persoon 'n reg om van die oorledene te erf waar hy of sy intestaat gesterf het.²²¹ Indien die oorledene ook afstammeling nalaat, sal die langsliewende gade 'n kindsdeel erf of 'n bedrag wat deur die Minister in die Staatskoerant afgekondig word, welke bedrag die grootste is.²²² Aangesien selfde-geslag persone wat ingevolge die *Civil Union Act* 'n huwelik of burgerlike verbintenis gesluit het, as 'gades' beskou word, is hulle ook nou geregtig om, in terme van artikel 1(1)(a) en (c) van die *Wet op Intestate Erfopvolging* intestaat van mekaar te erf.²²³ Selfde-geslag vennote wat nie 'n huwelik of burgerlike verbintenis gesluit het nie, sal ook geregtig wees om intestaat van hul lewensmaat te erf in die lig van die uitspraak van *Gory* waar daar beslis is dat die artikel so gelees moet word asof die volgende woorde ná 'gade' in die wet verskyn:

Unless specifically amended, s 1(1) will then also apply to permanent same-sex life partners who have undertaken reciprocal duties of support but who do not 'marry' under any new dispensation.²²⁴

219 *Hassam v Jacobs and others* Ongeraporteerde saak Saaknr: 5704/2004 (Beslis op 18 Julie 2008 in die Hooggeregshof van Suid-Afrika Kaap de Goeie Hoop Provinsiale Afdeling); Sapa 2008 http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=15&art_id=nw20080718172336182C842082; Huisman 2008 <http://www.thetimes.co.za/News/Article.aspx?id=805053>; Legalbrief Today 2008 <http://www.legalbrief.co.za/article.php?story=20080719124940693>.

220 *Hassam v Jacobs NO en Andere* CCT 83/08. Indien die Konstitusionele Hof hierdie posisie bekragtig, behoort dieselfde gevolge ook te geld in die geval van poligame Hindoe-huwelike.

221 Wood-Bodley 2008 SALJ 46.

222 A 1(1)(c) van die *Wet op Intestate Erfopvolging*. Die bedrag wat hier ter sprake is beloop tans R 125 000. Abrie W ea *Bestorwe Boedels* 5e uitg (ProPlus Uitgewers Lynnwoodrif 2003) 30.

223 Wood-Bodley 2008 SALJ 53.

224 Robinson ea *Familiereg* 44; Wood-Bodley 2008 SALJ 53.

Dieselfde bepaling geld egter nie ten opsigte van teenoorgestelde persone in 'n permanente saamwoonverhouding nie:

Unless specifically amended, section 1(1) will then also apply to permanent same-sex life partners who have undertaken reciprocal duties of support but who do not 'marry' under any new dispensation. Depending on the nature and content of the new statutory dispensation (if any), there is the possibility that unmarried heterosexual couples will continue to be excluded from the ambit of section 1(1) of the Act.²²⁵

Aangesien dit nou vir selfde-geslag persone moontlik is om 'n huwelik of burgerlike verbintenis te sluit, kan die hof 'n partye se eis om intestaat te erf met baie meer omsigtigheid oorweeg en 'n verduideliking eis vir die redes waarom die partye nie 'n huwelik of burgerlike verbintenis gesluit het nie waar hulle wel oor hierdie opsie beskik het.²²⁶ Na my mening moet selfde-geslag lewensmaats wat die keuse uitgeoefen het om nie 'n huwelik of burgerlike verbintenis te sluit nie, nie steeds bevoordeel word na die inwerkingtreding van die *Civil Union Act* nie. Die verlening van die reg aan selfde-geslag lewensmaats wat nie getroud of 'n burgerlike verbintenis gesluit het nie, om intestaat van mekaar te erf, lei egter tot verdere probleme en vrae soos: Indien sodanige persone intestaat van mekaar kan erf, beteken dit dan ook dat hulle 'n eis om onderhoud in terme van die *Wet op Onderhoud van Langslewende Gades* teen die bestorwe boedel kan instel en is hulle ook op pensioenvoordele geregtig?²²⁷ Die vraag ontstaan verder of dit regverdig is om dieselfde gevolge van 'n huwelik op persone van toepassing te maak wat slegs ooreengekom het om saam te woon. Volgens Wood-Bodley²²⁸ sal al hierdie probleemvrae wegval indien selfde-geslag verhoudings wat nie by wyse van huweliksluiting of 'n burgerlike verbintenis geformaliseer is nie, nie meer erken word nie.

Die verlening van die reg aan 'n lewensmaat in 'n selfde-geslag verhouding om intestaat van mekaar te erf waar die partye gekies het om nie te trou of 'n burgerlike verbintenis te sluit nie, waar dieselfde reg nie aan 'n

225 *Gory v Kolver NO and Others* 2007 4 SA 97 (KH) 111.

226 Wood-Bodley 2008 SALJ 53-54.

227 Wood-Bodley 2008 SALJ 59.

228 Wood-Bodley 2008 SALJ 59.

permanente lewensmaat in 'n soortgelyke teenoorgestelde-geslag verhouding verleen word nie, kan moontlik tot ongelukkigheid en diskriminasie aanleiding gee.²²⁹ Hierdie probleem kan slegs opgelos word indien die wetgewer dieselfde regte aan persone in 'n permanente teenoorgestelde-geslag saamwoonverhouding toestaan, of nie meer die bestaan van selfde-geslag verhoudings waar die partye nie getrou het of in 'n burgerlike verbintenis getree het nie, erken nie.²³⁰

Ten spyte van die Konstitusionele Hof se beslissing in *Gory*, bestaan daar steeds 'n mate van onsekerheid ten opsigte van intestate vererwing waar persone van dieselfde geslag nie 'n huwelik of burgerlike verbintenis gesluit het nie. Dit is dus uiters noodsaaklik dat, indien hierdie persone mekaar wil bevoordeel in die geval van afsterwe, hulle geldige testamente opstel om sodanige voordeel te bewerkstellig.²³¹

Wat die posisie van gades in godsdienstige huwelike betref, het die hof in *Daniels v Campbell* die reg om intstestaat te erf, ook aan gades in monogame Moslem huwelike toegestaan. Die Hooggeregshof het egter ook die reg om intestaat te erf na gades in poligame Moslem huwelike uitgebrei.²³² Die Konstitusionele Hof het ook in die *Bhe*-saak die reg om intestaat van mekaar te erf na gades in monogame en poligame gewoonteregtelike huwelike uitgebrei.²³³

7.2 Onderhoudsplig

Ingevolge artikel 2(1) van die *Wet op die Onderhoud van Langslewende Gades* is 'n gade geregtig om onderhoud van die bestorwe boedel van sy of haar oorlede gade te eis vir sover die langslewende gade nie in staat is om hom- of haarself na die dood van die oorledene te onderhou nie. Artikel

229 Wood-Bodley 2008 SALJ 60-61; Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 436; Jones 2007 <http://www.moneywebtax.co.za/moneywebtax/view/moneywebtax/en/page258?oid=404&sn=Detail>.

230 Wood-Bodley 2008 SALJ 59.

231 Wood-Bodley 2008 SALJ 62.

232 Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law* 435; Sien par 6.

233 Sien par 5.

2(1) van die *Wet op Onderhoud* 99 van 1998 is van toepassing op alle gevalle waar daar 'n regsplig bestaan om te onderhou en dit vind nou ook toepassing in die lig van "the legal duty of any person to maintain any other person irrespective of the nature of the relationship giving rise to that duty".²³⁴ Gevolglik kan hierdie wet nou ook van toepassing wees ten einde 'n kontraktuele onderhoudsplig (soos tussen persone wat permanent saamwoon) af te dwing, waar dit voorheen slegs toegepas kon word op grond van bloedverwantskap of huwelik.²³⁵ Deur die erkenning van selfde-geslag huwelike is dit nie meer vir die partye daarby betrokke nodig om die bestaan van 'n kontraktuele onderhoudsplig te bewys nie, aangesien die wet nou ook vir hierdie persone voorsiening maak.²³⁶

'n Selfde-geslag lewensmaat sal ook 'n onderhoudseis hê waar die permanente lewensverhouding op 'n ander wyse as dood ontbind word. Die basis van so 'n eis is gebaseer op die kontraktuele onderneming van die partye om mekaar te onderhou.²³⁷ Om met so 'n eis te slaag, moet die afhanklike die volgende bewys:

- (a) dat die partye in 'n permanente lewensverhouding soortgelyk aan 'n geldige huwelik was;
- (b) dat die broodwinner-lewensmaat kontraktueel onderneem het om die afhanklike lewensmaat te onderhou;
- (c) dat die broodwinner-lewensmaat inderdaad die afhanklike onderhou het;
- (d) dat die afhanklike lewensmaat nie hom- of haarself onafhanklik kan onderhou of op dieselfde lewenstandaard waaraan hy of sy gewoon was, kan onderhou nie; en
- (e) die reg van so 'n afhanklike lewensmaat op onderhoud is geregtig op beskerming.²³⁸

234 *Petersen v Maintenance Officer Simon's Town Maintenance Court* 2004 2 SA 56 (K) 62H-J; *Steynberg en Mokotong* 2005 *THRHR* 333; *Smith* 2005 *De Rebus* 27; *Mamashela en Carnelley* 2006 *Obiter* 383.

235 *Smith* 2005 *De Rebus* 27.

236 *Smith* 2005 *De Rebus* 27.

237 *Steynberg en Mokotong* 2005 *THRHR* 335.

238 *Steynberg en Mokotong* 2005 *THRHR* 336.

7.3 *Belastingimplikasies*

'n Aantal belastingwette, naamlik die *Inkomstebelastingwet*, die *Boedelbelastingwet* en die *Wet op Hereregte*, is gewysig ten einde partye in die volgende verhoudings as gades te erken:

- a) huwelike erken deur wetgewing, soos gemeenregtelike en gewoonteregtelike huwelike;
- b) huwelike aangegaan ingevolge enige religieuse regstelsel wat in die Republiek erken word; en
- c) permanente selfde-geslag of teenoorgestelde-geslag verhoudings.²³⁹

7.3.1 *Inkomstebelastingwet*²⁴⁰

7.3.1.1 *Inkomstebelasting*

Die definisie van 'gade' is by die *Inkomstebelastingwet* ingevoeg deur artikel 5(j) van die *Wysigingswet op Belastingwette*.²⁴¹ Die nuwe definisie lui soos volg:

- 'Gade' met betrekking tot enige persoon, die maat van sodanige persoon –
- (a) in 'n huwelik of gewoonteverbintenis ingevolge die wette van die Republiek erken;
 - (b) in 'n verbintenis wat ingevolge die leerstellings van enige godsdiens as 'n huwelik erken word; of
 - (c) in 'n selfde-geslag of heteroseksuele verbintenis wat die Kommissaris oortuig is bedoel is om permanent te wees
- en 'getroud', 'man' of 'vrou' word dienooreenkomstig uitgelê: Met dien verstande dat, by gebrek aan bewys tot die teendeel, 'n huwelik of verbintenis in paragraaf (b) of (c) beoog geag word 'n huwelik of verbintenis buite gemeenskap van goed te wees;

Die woord 'gade' kom in verskeie subartikels in artikel 7 voor wat handel oor bepalings met betrekking tot belastingvermyding deur die verdeling van die inkomste van die belastingbetaler, sy gade of sy kinders.²⁴² Artikel 7(2)

²³⁹ Mhlongo T "The new definition of spouse: its impact on tax legislation" 2002 *Insurance and Tax* 24.

²⁴⁰ *Inkomstebelastingwet* 58 van 1962.

²⁴¹ Wynne 2002 *Insurance and Tax* 5.

²⁴² Mhlongo 2002 *Insurance and Tax* 24-25.

bepaal dat waar die belastingbetaler 'n skenking of ander beskikking aan sy of haar gade maak en 'n inkomste val sodanige gade toe as gevolg van die skenking of beskikking, word sodanige inkomste geag die inkomste van die skenker-gade te wees, indien die skenking of beskikking gemaak is vir die uitsluitlike rede om die skenker se belastingaanspreeklikheid te vermy of uit te stel.²⁴³ Gevolglik is hierdie artikel nou deur die uitgebreide definisie van 'gade' ook van toepassing op huwelike wat voorheen nie erken is nie deur die uitgebreide definisie van "gade".²⁴⁴

Artikel 10A(2) maak voorsiening dat die kapitale gedeelte van 'n jaargeldbedrag wat aan die koper, sy of haar eggenoot of langsewende gade betaalbaar is, vrygestel is van normale belasting.²⁴⁵ Gevolglik sal hierdie artikel nou ook van toepassing wees op al die persone wat nou deur die nuwe definisie van 'gade' gedek word. 'n Gade in 'n gewoonteregtelike huwelik, religieuse huwelik en 'n permanente selfde-geslag of heteroseksuele verbintenis sal nou, tesame met persone in gewone gemeenregtelike huwelike, die belastinguitsluiting op die kapitale element geniet indien hulle die ontvanger is van die jaargeldbedrag.²⁴⁶

7.3.1.2 Geskenkebelasting

Die woord 'gade' verskyn in heelwat van die bepalings wat oor geskenkebelasting handel in die *Inkomstebelastingwet*. Een van die belangrikste bepalings wat hier van toepassing is, is artikel 56, naamlik die uitsonderings met betrekking tot geskenkebelasting.²⁴⁷

Artikel 56(1)(a) bevat 'n uitsondering op geskenkebelasting (tans betaalbaar teen 20 persent op die waarde van die eiendom wat geskenk word, met inagneming van die jaarlikse vrystelling van R100 000) op enige eiendom wat geskenk is aan 'n gade van die skenker onder 'n behoorlik

243 Jordaan K ea *SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2008* (LexisNexis Durban 2008) 271; Mhlongo 2002 *Insurance and Tax* 25.

244 Mhlongo 2002 *Insurance and Tax* 25.

245 Jordaan ea *Inkomstebelasting* 81; Mhlongo 2002 *Insurance and Tax* 25.

246 Mhlongo 2002 *Insurance and Tax* 25.

247 Mhlongo 2002 *Insurance and Tax* 25.

geregistreeerde huwelikskontrak aangegaan in terme van die *Wet op Huweliksgoedere*.²⁴⁸ Artikel 56(1)(b) maak voorsiening vir 'n uitsluiting van geskenkebelasting op eiendom wat geskenk is aan die gade van die skenker as die gades nie amptelik van mekaar geskei is nie.²⁴⁹ Gevolglik is hierdie artikels nou ook van toepassing op die verhoudings wat voorheen nie erken is nie. Dit is nou byvoorbeeld vir gades wat ooreenkomstig hul godsdienststelsel getroud is moontlik om bates aan mekaar te skenk en om die uitsluiting van artikel 56(1)(b) van geskenke belasting te geniet.²⁵⁰

7.3.1.3 Kapitaalwinsbelasting

Ingevolge paragraaf 55 van die Agtste Skedule, sal 'n bedrag wat ontvang is deur 'n persoon in terme van 'n polis (opbrengs) nie aan kapitaalwinsbelasting onderhewig wees nie, indien die persoon wat die opbrengs ontvang een van die volgende is:

- a) die gade van die oorspronklike eienaar van die polis waar die gade nie bygedra het tot die betaling van die polis nie; en
- b) die voormalige gade van die oorspronklike eienaar en daardie polis as deel van die skikkingsooreenkoms in 'n egskeidingsaangeleentheid gesedeer is of 'n ooreenkoms met betrekking tot die verdeling van bates wat 'n bevel van die hof gemaak is.²⁵¹

Langtermynpolisse wat deur gades van voorheen nie-erkende verhoudings aangekoop is, sal ingevolge die nuwe definisie van 'gade' dieselfde kapitaalwinsbelasting-uitsluiting geniet indien hulle in bogenoemde kategorieë val.²⁵² In die geval van 'n oorlede persoon, word geag dat hy sy bates vervreem het by sy dood wat aanleiding gee tot aanspreeklikheid vir kapitaalwinsbelasting in sy bestorwe boedel. Waar die oorledene egter sy bates aan sy of haar oorlewende gade nagelaat het, ontstaan geen aanspreeklikheid vir kapitaalwinsbelasting nie. Kapitaalwinsbelasting sal

248 Jordaan ea *Inkomstebelasting* 675-676; Mhlongo 2002 *Insurance and Tax* 25.

249 Jordaan ea *Inkomstebelasting* 676; Mhlongo 2002 *Insurance and Tax* 25.

250 Mhlongo 2002 *Insurance and Tax* 25.

251 Jordaan ea *Inkomstebelasting* 761; Mhlongo 2002 *Insurance and Tax* 26.

252 Mhlongo 2002 *Insurance and Tax* 26.

eers betaalbaar wees by die dood van die langsliewende gade.²⁵³ Hierdie bepaling is ook van toepassing op die ander vorme van huwelike wat nou erken word deur die nuwe definisie van 'gade'.²⁵⁴ Paragraaf 68 is soortgelyk aan artikel 7(2) wat te doen het met omstandighede waar 'n persoon se kapitaalwins aan sy of haar gade toegereken word vir doeleindes van kapitaalwinsbelasting ten einde belastingvermyding te voorkom.²⁵⁵

7.3.2 Boedelbelastingwet²⁵⁶

Die definisie van 'gade' is ook deur die *Wysigingswet op Belastingwette 5 van 2001* (artikel 3(a) en (b)) gewysig en stem grootliks ooreen met die definisie in die *Inkomstebelastingwet*.²⁵⁷

'Gade' met betrekking tot 'n oorlede persoon, ook 'n persoon wat op die tydstip van die dood van bedoelde oorlede persoon die maat van daardie persoon was –

- (a) in 'n huwelik of gewoonteverbintenis ingevolge die wette van die Republiek erken word;
- (b) in 'n verbintenis wat ingevolge die leerstellings van enige godsdienst as 'n huwelik erken word; of
- (c) in 'n selfde-geslag of heteroseksuele verbintenis wat die Kommissaris oortuig is bedoel is om permanent te wees;

Met dien verstande dat, by gebrek aan bewys tot die teendeel, 'n huwelik of verbintenis in paragraaf (b) of (c) beoog geag word 'n huwelik of verbintenis buite gemeenskap van goed te wees;

Artikel 4 van hierdie wet bevat die meeste verwysings na 'gade', en het te make met die verskillende bedrae wat afgetrek moet word ten einde die netto waarde van die bestorwe boedel te bepaal.²⁵⁸ Artikel 4(IA) maak voorsiening vir 'n aftrekking vir die langsliewende gade se aanwaseis in terme van artikel 3 van die *Wet op Huweliksgoedere*. Dit verminder die

253 Jordaan ea *Inkomstebelasting* 770; Mhlongo 2002 *Insurance and Tax* 26.

254 Mhlongo 2002 *Insurance and Tax* 26.

255 Mhlongo 2002 *Insurance and Tax* 26; Jordaan ea *Inkomstebelasting* 771. Soos byvoorbeeld waar 'n kapitaalwins wat in 'n persoon vestig toegeskryf kan word aan 'n skenking of transaksie deur daardie persoon se gade met die doel om belasting te vermy of om daardie gade se belastingaanspreeklikheid uit te stel. Gevolglik is hierdie bepalings ook van toepassing op die 'nuwe' gades as hulle transaksies aangaan of skenkings maak ingevolge paragraaf 68.

256 *Boedelbelastingwet* 45 van 1955.

257 Wynne 2002 *Insurance and Tax* 5.

258 Mhlongo 2002 *Insurance and Tax* 27.

waarde van die boedel vir boedelbelastingdoeleindes.²⁵⁹ Artikel 4(q) bepaal dat enige eiendom wat aan die oorledene se oorlewende gade bemaak word, afgetrek moet word ten einde die netto waarde van die bestorwe boedel vas te stel, op voorwaarde dat daar nie van die gade vereis word om dit aan iemand anders oor te dra nie. Die artikel lei daartoe dat indien al die bates in 'n bestorwe boedel aan die langsewende gade oorgedra word, geen boedelbelasting betaalbaar is nie.²⁶⁰ Boedelbelasting word egter net uitgestel tot die afsterwe van die oorlewende gade. Die nuwe definisie van gade het die gevolg dat artikel 4(q) nou ook op boedels van gades in gewoonteregtelike en religieuse huwelike, sowel as permanente selfde-geslag en teenoorgestelde geslag verhoudings van toepassing is.²⁶¹

7.3.3 *Wet op Hereregte*²⁶²

Artikel 1 van die *Wet op Hereregte* omskryf 'n gade soos volg:

- 'gade' met betrekking tot enige persoon, die maat van sodanige persoon—
- (a) in 'n huwelik of gewoonteverbintenis ingevolge die wette van die Republiek erken;
 - (b) in 'n verbintenis wat ingevolge die leerstellings van enige godsdienst as 'n huwelik erken word; of
 - (c) in 'n selfde-geslag of heteroseksuele verbintenis wat die Kommissaris oortuig is bedoel is om permanent te wees:
- Met dien verstande dat, by gebrek aan bewys tot die teendeel, 'n huwelik of verbintenis in paragraaf (b) of (c) beoog, geag word 'n huwelik of verbintenis buite gemeenskap van goed te wees.²⁶³

Ingevolge artikel 9(1)(f) word eiendom wat deur 'n langsewende gade op enige wyse verkry word, uitgesluit van hereregte. Artikel 9(1)(k) maak ook voorsiening vir 'n uitsluiting van hereregte waar 'n gade in 'n huwelik binne gemeenskap van goedere 'n halwe onverdeelde aandeel in die ander gade se boedel deur die werking van die reg by die sluit van die huwelik verkry.²⁶⁴

259 Jordaan ea *Inkomstebelasting* 734; Mhlongo 2002 *Insurance and Tax* 27.

260 Mhlongo 2002 *Insurance and Tax* 27; Abrie ea *Bestorwe Boedels* 196.

261 Mhlongo 2002 *Insurance and Tax* 27.

262 *Wet op Hereregte* 40 van 1949.

263 Die omskrywing van 'gade' is deur artikel 1(b) van die *Wysigingswet op Belastingwette* 5 van 2001 ingevoeg.

264 Mhlongo 2002 *Insurance and Tax* 28.

7.3.4 Samevatting

Gades in terme van die *Huwelikswet* of die *Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike*, selfde-geslagpersone wat 'n burgerlike verbintenis in gevolge die *Civil Union Act* gesluit het, asook persone van dieselfde- en teenoorgestelde geslag wat in 'n permanente saamwoonverhouding is, kwalifiseer gevolglik vir die volgende uitsluitings, naamlik:²⁶⁵

- (a) vrystelling van geskenkebelasting in terme van artikel 56 van die *Inkomstebelastingwet* vir skenkings aan 'n gade maak;
- (b) vrystellings van boedelbelasting in terme van artikel 4(q) van die *Boedelbelastingwet* vir bemakings wat aan die langsliewende gade maak word; en
- (c) vrystelling van die betaling van hereregte in terme van artikel 9(1)(i) van die *Wet op Hereregte*, in terme waarvan eiendom in die naam van die langsliewende of geskeide gade oorgedra word weens die beëindiging van die huwelik of lewensverhouding as gevolg van afsterwe van 'n gade of egskeiding.

8 Gevolgtrekking en slot

Daar bestaan tans twee hoofvorme van huwelike, naamlik siviele- en gewoonteregtelike (of gebruiklike) huwelike.²⁶⁶ Die *Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* maak voorsiening vir die voltrekking en regulering van gewoonteregtelike huwelike en kan monogaam of poligaam van aard wees.²⁶⁷ Siviele huwelike neem die vorm van monogame huwelike aan; met ander woorde, dit is huwelike wat tussen slegs twee persone, ongeag hul geslag, gesluit is. Hierdie huwelike word deur twee wette geregleer, naamlik die *Huwelikswet* wat die gemeenregtelike huwelik tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag reguleer, en die *Civil Union Act* wat hoofsaaklik voorsiening maak vir persone van dieselfde geslag om in

265 Dudley 2008 www.moneywebtax.co.za/moneywebtax/view/moneywebtax/en/page450?oid=25028&sn.

266 Sien par 1.

267 Sien par 5.

die huwelik te tree.²⁶⁸ 'n Huwelik wat in terme van die *Civil Union Act* gesluit word, het dieselfde regsgevolge as 'n tradisionele of gemeenregtelike huwelik wat ingevolge die *Huwelikswet* gesluit word.²⁶⁹

Burgerlike verbintenisse kan ingevolge die *Civil Union Act* voltrek word en kan die vorm van óf 'n huwelik óf 'n burgerlike vennootskap aanneem. Dit wil uit die bewoording van die wet voorkom of *beide* selfde-geslag *sowel as* teenoorgestelde-geslag pare toegelaat word om 'n burgerlike verbintenis te sluit.²⁷⁰ Twee persone, ongeag hul geslag, kan 'n burgerlike vennootskap in terme van die *Civil Union Act* sluit indien hulle nie met mekaar in die huwelik wil tree nie, maar wel hul verhouding wil formaliseer en regserkenning wil verseker.²⁷¹ Indien hierdie interpretasie gevolg word, kan dit tot heelwat onsekerheid en verwarring aanleiding gee.

Die Suid-Afrikaanse reg verwag van persone wat regserkenning vir hul verhouding wil verseker, om proaktief op te tree deur 'n siviele huwelik, gewoonteregtelike huwelik of burgerlike verbintenis ("civil union") te voltrek, afhangende van die omstandighede. Indien die partye nie die nodige stappe neem om hul verhouding te formaliseer nie, sal hul verhouding as 'n blote saamwoonverhouding beskou word.²⁷² In die lig van die uitspraak in die *Volks-saak*, kan persone wat wettiglik kan trou maar die keuse uitoefen om dit nie te doen nie, nie op die onveranderlike gevolge van huweliksluiting na die dood van een van die lewensmaats staat maak nie.²⁷³ Gevolglik moet hierdie beginsel of gevolge na Desember 2006 (sedert die inwerkingtreding van die *Civil Union Act*) ook van toepassing wees op persone in selfde-geslag lewensvennootskappe wat kies om nie in 'n huwelik of "civil union" te tree nie, aangesien hierdie onderskeid betrekking het op diegene wat getroud is (of wat 'n burgerlike verbintenis gesluit het) aan die een kant en diegene wat besluit het om nie in die huwelik te tree nie (of burgerlike verbintenis te sluit nie) aan die ander kant.

268 Sien par 2 en 3.

269 Sien par 3.3.

270 Sien par 3.2.

271 Sien par 3.2.

272 Sien par 4.6.

273 Sien par 4.4.

Die beslissing in *Gory v Kolver* skep egter 'n probleem vir hierdie benadering. Die Konstitusionele Hof het in hierdie saak beslis dat 'n selfde-geslag lewensmaat geregtig is om intestaat van sy oorlede lewensmaat te erf nieteenstaande die feit dat die partye nie 'n burgerlike verbintenis of huwelik gesluit het nie, terwyl dit nie vir persone in teenoorgestelde-geslag lewensvennootskappe moontlik is nie. (Die lewensmaat het egter voor die inwerkingtreding van die *Civil Union Act* intestaat gesterf.) In die lig van hierdie uitspraak blyk dit dat selfde-geslag lewensmaats in 'n permanente verhouding op die onveranderlike gevolge of voordele van huweliksluiting geregtig is ten spyte van die feit dat hul nie getroud is nie. Hierdie benadering kan dus aanleiding gee tot onbillike diskriminasie teen persone in permanente teenoorgestelde-geslag lewensverhoudings aangesien hulle nie op dieselfde voordele geregtig is nie.²⁷⁴ Daar word daarom voorgestel dat die wetgewer hierdie posisie sal hersien ten einde persone in teenoorgestelde- en selfde-geslag lewensverhoudings op dieselfde voet te stel.

In die lig van die leemtes in wetgewing en regspraak wat uit hierdie studie blyk, word die volgende aanbevelings gemaak:

- die *Civil Union Act* moet gewysig word ten einde duidelik te stel dat hierdie wet slegs vir die voltrekking van huwelike of burgerlike verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag voorsiening maak;
- die *Domestic Partnership Bill* moet so gou moontlik in werking tree ten einde die regsposisie van persone in saamwoonverhoudings met sekerheid vas te stel; en
- persone in permanente teenoorgestelde-geslag lewensvennootskappe moet dieselfde voordele geniet as persone in permanente selfde-geslag lewensvennootskappe.

Uit hierdie studie het dit duidelik na vore gekom wie as 'n 'gade' in terme van sekere wetgewing kwalifiseer. Daar kan gevolglik met sekerheid vasgestel word watter persone op sekere voordele geregtig is in terme van

274 Sien par 4.6.

wetgewing wat op boedelbeplanning betrekking het. Persone wat ingevolge die *Huwelikswet* of die *Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike* wettiglik getroud is, asook diegene wat in terme van die *Civil Union Act* 'n burgerlike verbintenis of huwelik gesluit het, is almal geregtig op onderhoud na die dood van hul 'gade' en kwalifiseer ook vir vrystellings van belasting, en dan – spesifiek boedelbelasting, geskenkebelasting en kapitaalwinsbelasting. Daar kan dus nou doeltreffende boedelbeplanning gedoen word vir persone in selfde-geslag huwelike of verbintenis, asook vir persone in permanente saamwoonverhoudings.

BIBLIOGRAFIE

Boeke

Abrie ea *Bestorwe Boedels*

Abrie W ea *Bestorwe Boedels* 5e uitg (ProPlus Uitgewers Lynnwoodrif 2003)

Barnard, Cronje en Olivier *Persone- en Familiereg*

Barnard AH, Cronje DSP en Olivier PJJ *Die Suid-Afrikaanse Persone- en Familiereg* (Butterworths Durban 1986)

Beneke, Davis en Jooste *Estate Planning*

Beneke C, Davis DM en Jooste RD *Estate Planning* (Butterworths Durban 1998)

De Wet *Gevolge van die konsep Huwelikswysigingswet vir saamwoonverhoudings*

De Wet MMP *Die gevolge van die konsep Huwelikswysigingswet, 2006 vir saamwoonverhoudings tussen persone van dieselfde geslag in Suid-Afrika* (LLM-skripsie NWU-Potchefstroom 2007)

Jordaan ea *Inkomstebelasting*

Jordaan K ea *SILKE: Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting 2008* (LexisNexis Durban 2008)

Odendal en Gouws *HAT*

Odendal FF en Gouws RH *HAT – Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* 4e uitg (Perskor Uitgewers Midrand 2000)

Robinson ea *Familiereg*

Robinson JA ea *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse Familiereg* 3e uitg (Printing Things Potchefstroom 2008)

Schafer (red) *Family Law Service*

Schäfer ID (red) *Family Law Service* (Butterworths Durban 1987)

Sinclair *The Law of Marriage*

Sinclair JD *The Law of Marriage* vol 1 (Juta Kenwyn 1996)

Internetbronne

Dudley H Tax benefits for same-sex civil unions 2008
[www.moneywebtax.co.za/moneywebtax/view/moneywebtax/en/page450?oid=25028 &sn](http://www.moneywebtax.co.za/moneywebtax/view/moneywebtax/en/page450?oid=25028&sn) [Datum van gebruik 13 September]

Haggard K Civil Union Act follows principles of Marriage Act 2007
<http://www.businessday.co.za/Articles/TarkArticle.aspx?ID=2558989>
[Datum van gebruik 31 Januarie 2008]

Huisman B Muslim women win rights of inheritance 2008
<http://www.thetimes.co.za/News/Article.aspx?id=805053> [Datum van gebruik 21 Julie 2008]

Jones S Intestate succession rights extended to same-sex partners 2007
<http://www.moneywebtax.co.za/moneywebtax/view/moneywebtax/en/page258?oid=404&sn=Detail> [Datum van gebruik 8 Julie 2008]

Legalbrief Today Polygamous Muslim marriages recognised for purposes of intestate succession 2008
<http://www.legalbrief.co.za/article.php?story=20080719124940693> [Datum van gebruik 21 Julie 2008]

Sapa Women's centre welcomes inheritance judgement 2008
http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=15&art_id=nw20080718172336182C842082 [Datum van gebruik 21 Julie 2008]

Regspraak

Amod v Multilateral Motor Vehicle Accident Fund (Commission for General Equality Intervening) 1999 4 SA 1319 (HHA)

Bhe v Magistrate, Khayelitsha (Commission for Gender Equality as Amicus Curiae); Shibi v Sithole; SA Human Rights Commissioner v President of the RSA 2005 1 580 (KH).

Daniels v Campbell NO and Others 2004 5 SA 331 (KH).

Dawood and another v Minister of Home Affairs and others; Shalabi and another v Minister of Home Affairs and others; Thomas and another v Minister of Home Affairs and others 2000 3 SA 936 (KH)

Du Plessis v Road Accident Fund 2004 1 SA 359 (HHA).

Du Toit and Another v Minister of Welfare and Population Development and Others (Lesbian and Gay Equality Project as Amicus Curiae) 2003 2 SA 198 (KH)

Fourie and Another v Minister of Home Affairs and Others 2005 3 SA 429 (HHA)

Gory v Kolver NO and Others (Starke and Others Intervening) 2007 4 SA 97 (KH)

Govender v Ragavayah and 7 others saaknommer 6715/08. (Beslis op 6 November 2008 in die Hooggeregshof van Durban en Kus Plaaslike Afdeling)

Hassam v Jacobs and others saaknommer: 5704/2004 (Beslis op 18 Julie 2008 in die Hooggeregshof van Kaap de Goeie Hoop); CCT 83/08

Ismail v Ismail 1983 1 SA 1006 (A)

J v Director General, Department of Home Affairs 2003 5 BCLR 463 (KH)

Langemaat v Minister of Safety and Security and Others 1998 2 All SA 259 (T)

Minister of Home Affairs v Fourie (Doctors for Life International and Others, Amici Curiae); Lesbian and Gay Equality Project and Others v Minister of Home Affairs 2006 1 SA 524 (KH)

National Coalition for Gay and Lesbian Equality v Minister of Justice 1999 1 SA 6 (KH)

Petersen v Maintenance Officer, Simon's Town Maintenance Court 2004 2 SA 56 (K)

Robinson v Volks 2004 2 All SA 61 (K)

Ryland v Edros 1997 2 SA 690 (K)

Satchwell v President of the Republic of South Africa 2002 6 SA 1 (KH)

Seedats Executors v The Master (Natal) 1917 AD 302

Singh v Ramparsad 2007 3 SA 445 (D)

Volks v Robinson 2005 5 BCLR 446 (KH)

Tydskrifte

Cooke 2005 SALJ

Cooke A "Choice, Heterosexual Life Partnerships, Death and Poverty" 2005 *South African Law Journal* 542-557

De Vos en Barnard 2007 *SALJ*

De Vos P en Barnard J "Same-sex marriage, civil unions and domestic partnerships in South Africa: critical reflections on an ongoing saga" 2007 *South African Law Journal* 795-826

Heaton 2005 *THRHR*

Heaton J "An overview of the current legal position regarding heterosexual life partnerships" 2005 *Tydskrif vir die Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 662-670

Goldblatt 2003 *SALJ*

Goldblatt B "Regulating Domestic Partnerships – a necessary step in the development of South African Family Law" 2003 *South African Law Journal* 610-629

Jazbhay 2005 *De Rebus*

Jazbhay SA "Domestic Life Partnerships" 2005 *De Rebus* 26-28

Mamashela en Carnelley 2006 *Obiter*

Mamashela M en Carnelley M "Cohabitation and the same-sex marriage: a complex jigsaw puzzle" 2006 *Obiter* 379-390

Matlala 2002 *Codicillus*

Matlala DM "Some aspects regarding the vesting of property of the solvent spouse in the trustee of the insolvent spouse's estate" 2002 *Codicillus* 2-13

Mhlongo 2002 *Insurance and Tax*

Mhlongo T "The new definition of spouse: its impact on tax legislation" 2002 *Insurance and Tax* 24-28

Morata 2006 *Insurance and Tax*

Morata S "Same sex relationships: Most neglected market?" 2006 *Insurance and Tax* 6-9

Nkala 2004 *De Rebus*

Nkala M "Domestic partnerships – relief at last?" 2004 *De Rebus* 24-26

Picarra 2007 *SAJHR*

Picarra L "Notes and comments: Gory v Kolver NO 2007 4 SA 97 (CC) 2007 *South African Journal of Human Rights* 563-569

Robinson 2005 *Obiter*

Robinson JA "The evolution of the concept of marriage in South Africa: the influence of the Bill of Rights in 1994" 2005 *Obiter* 488-504

Smith 2005 *De Rebus*

Smith B "Recognising Same-sex Relationships" 2005 *De Rebus* 24-27

Smith en Grobler 2005 *TSAR*

Smith BS en Grobler NJ "Gay rights (and obligations!): consequences and implications of Fourie v Minister of Home Affairs" 2005 *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 745-766

Smith en Robinson 2007 *BYU Journal of Public Law*

Smith BS en Robinson JA "The South African Civil Union Act 17 van 2006: A Good Example of the Dangers of Rushing the Legislative Process" 2007 *Brigham Young University: Journal of Public Law* 419-439

Steynberg en Mokotong 2005 *THRHR*

Steynberg L en Mokotong M "The common-law duty of support: developed and extended to include the surviving homosexual partner: Du Plessis v Road Accident Fund 2004 1 SA 359 (SCA)" 2005 *Tydskrif vir die Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg* 330-337

Van Shalkwyk 2007 *De Jure*

Van Shalkwyk LN "Kommentaar op die 'Civil Union Act' 17 van 2006" 2007 *De Jure* 166-173

West 2007 *SADJ*

West A "The applicability of the Civil Union Act 17 of 2006" 2007 *South African Deeds Journal* 28-30

Wildenboer 2005 *SAPL*

Wildenboer L "Marrying domestic partnerships and the Constitution: A discussion of *Volks NO v Robinson* 2005 5 BCLR 446 (CC) 2005 *South African Public Law* 459-467

Williams 2004 *SAJHR*

Williams K "'I do' or 'we won't' legalising same-sex marriage in South Africa" 2004 *South African Journal of Human Rights* 32-63

Wood-Bodley 2008 *SALJ*

Wood-Bodley CM "Intestate Succession and Gay and Lesbian Couples" *South African Law Journal* 46-62

Wynne 2002 *Insurance and Tax*

Wynne R "What is a 'spouse' in our law?" 2002 *Insurance and Tax* 4-9

Wetgewing

Boedelbelastingwet 45 van 1955

Boedelwet 66 van 1965

Civil Union Act 17 van 2006

Domestic Partnership Bill GK 36 in SK 30663 van 14 Januarie 2008

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Huwelikswet 25 van 1961.

Immigrasiewet 13 van 2002

Inkomstebelastingwet 58 van 1962
Insolvensiewet 24 van 1936
Ongevallewet 30 van 194
Wet op die Onderhoud van Langslewende Gades 27 van 1990
Wet op die Status van Kinders 82 van 1987
Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike 120 van 1998.
Wet op Gesinsgeweld 116 van 1998
Wet op Hereregte 40 van 1949
Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984
Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987
Wet op Kindersorg 74 van 1983
Wet op Onderhoud 99 van 1998
Wet op Pensioenfondse 24 of 1956
Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en- Siektes 130 van 1993
Wet op Voogdy 92 van 1993
Wysigingswet op Belastingwette 5 van 2001

Ander

South African Law Reform Commission *Report on Domestic Partnerships*
(Maart 2006)